**November - Desember 2025**

# Wêreld van Môre

Want die aarde sal vol word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos die waters die seebodem oordek.

**Vol. 25, No. 6** **Vertalings uit ’n vroeër gepubliseerde Nov-Des 2024 *Tomorrow's World*-tydskrifte**



*’n Persoonlike boodskap van*

*Gerald E. Weston, Hoofredakteur*

## Tot die uiteindes van die aarde

Gedurende Februarie 2023 het ek en my vrou na Tierra del Fuego aan die suidpunt van Argentinië gereis. Daar is die asemrowende mooi Ushuaia – 'n provinsiale hoofstad – wat daarop aanspraak maak dat dit die wêreld se mees suidelike stad is en wat hulleself as “die einde van die aarde” adverteer. Die naburige Chili maak dieselfde aanspraak vir sy Puerto Williams, vanwaar ons die *Tomorrow's World*-program vir ongeveer 'n jaar lank uitgesaai het en ons sal dit aan hierdie twee nasies oorlaat om dit uit te klaar (hopelik sonder dat dit tot oorlog lei – wat by geleentheid al byna plaasgevind het).

Dit was 'n “besigheidsreis” – Kerkaangeleenthede – maar dit was ook 'n ervaring van 'n leeftyd en baie leersaam. Terwyl ons in Ushuaia was, het ons 'n klein parkie besoek met gedenkplate wat die Argentynse standpunt in verband met die oorlog met Brittanje oor die Falkland-eilande/Malvinas weergegee het. Daarna het ons 'n bootrit al langs die Beaglekanaal verby Puerto Williams geneem.

Chili het tydens daardie oorlog logistieke ondersteuning aan Brittanje verleen, wat sy dikwels gespanne verhoudings met sy buurland Argentinië nie bevorder het nie. Buite Suid-Amerika is min mense bewus daarvan dat die Beagle-kanaal wat die twee lande skei, in die laat negentiende eeu 'n bron van konflik geword het, toe albei nasies aanspraak gemaak het op besitreg van eilande in die kanaal. Albei nasies was teen die vroeë 1980's gereed vir oorlog, aangesien internasionale pogings om die konflik te bemiddel almal misluk het – totdat die nuutverkose Pous Johannes Paulus II ingegryp het. “Die staatshoofde van Chili en Argentinië het op 29 November 1984 'n vrede- en vriendskapsverdrag by die Vatikaan onderteken. Die eilande aan die noordelike kanaal was aan Argentinië toegeken en die eilande aan die suidelike helfte aan Chili. Boonop kon beide lande deur die gebied vaar, alhoewel die mariene-gebied aan Argentinië behoort” *(“How John Paul II helped Chile and Argentina avoid going to war,” Rome Reports*, 30 November 2009).

Dit alles tersyde gestel, ons hoofrede om “die einde van die aarde” te besoek, was om ons *Living Church of God*-gemeente te ontmoet wat drie ure van daar af in die suide van Argentinië geleë is. Ja, daar is lidmate en ondersteuners van *Tomorrow's World* oral, tot aan die einde van die aarde. Hierdie lede is meestal Spaanssprekendes, maar met die hulp van tolke het ons heerlik by hulle gekuier en hartlike samesyn oor 'n heerlike

braai geniet. Daar is altyd drukkies en soentjies (op die wang) wanneer ons ook al ons broers in die Spaanssprekende wêreld besoek.

U is waarskynlik bewus daarvan dat die *Lewende Kerk van God* se lidmate en medewerkers die verkondiging van die ware Evangelie van Jesus Christus aan die hele mensdom ondersteun. Hulle maak dit moontlik om op televisie en radio uit te saai en om hierdie tydskrif – saam met al ons ander hulpbronne – gratis aan meer as 500,000 intekenare te versprei. Diegene van ons wat betrokke is by die *Wêreld van Môre* is min in getal, maar die omvang van ons invloed strek verder en wyer as wat getalle sou kon aandui. Ons is oor die aarde versprei soos sout op 'n bord fynproewerskos gesprinkel word en in hierdie kort nota sal ek 'n paar besonderhede in hierdie verband met u deel.

### 'n Lig vir verlossing

Die apostel Paulus haal die profeet Jesaja aan en sê: "Ek het U 'n lig van die nasies gemaak, sodat U tot redding sal wees tot aan die eindes van die aarde" (Handelinge 13:47). Soos ek tydens ons reis na Tierra del Fuego gesien het, bereik ons boodskap wél die uithoeke van die aarde, só ook ontelbare plekke tussen die twee poolstreke. Ons het intekenare wat oor die verre

*Vervolg op bladsy 27*

## Inhoudsopgawe


**Voorblad**

**Persoonlik – Tot die uiteindes van die aarde**
Gerald E. Weston se persoonlike rubriek

**Hoofartikel**
**Glo ons in demokrasie?** 3
*Ten spyte van al die uitroepe dat ons "demokrasie moet red", vra min mense blykbaar of dit die moeite werd is óm demokrasie te red?*

**O Kanada!**
**Calgary se waterkrisis: 'n Wekroep** 8
*Vars, drinkbare water is krities noodsaaklik vir menslike lewe – Kanada se water-infrastruktuur werp lig op ernstige probleme.*

**Dit is London wat roep**
**Die vernietigende gevolge van regeringstoesmeerdery** 11
*Mense verlang daarna om hulle leiers en nasies te vertrou. Wat gebeur egter wanneer die leiers hulle burgers se vertroue skaad.*

**Wat behoort ons te doen met betrekking tot Kersfees?** 14
*Die meeste mense vind die heidense oorsprong van Kersfees nie vreemd nie. Behoort daardie oorsprong enigsins saak te maak?*

**Antieke profesieë neem gestalte aan** 15
*Die boek Génesis bevat van die belangrikste profesieë wat vir ons tyd bedoel is en hierdie boek help ons om sin te maak van ons samelewing.*

**Gereeld**

**Vrae en Antwoorde** 23


Besoek ons webwerf by:
www.wvm.co.za
of vir Engelse literatuur:
www.tomorrowsworld.org

**Wêreld van Môre**

**Hoofredakteur**
Gerald E. Weston
**Redaksionele Direkteur**
Wallace G. Smith
**Senior Redakteur**
William Bowmer
**Besturende Redakteur**
John Robinson

**Streeksredakteurs**
Robert Tyler (Australasië)
Stuart Wachowicz (Kanada)
Peter Nathan (Europa)

**Besigheidsbestuurder**
Dexter B. Wakefield

**Streekskantore**

**VERENIGDE STATE:**
PO Box 3810
Charlotte, NC 28227-8010
Tel: (704) 844-1970
Faks: (704) 841-2244
**www.tomorrowsworld.org**

**AUSTRALASIË:**
PO Box 300
Claredon, SA 5157
Tel: (61) 8 8383 6266
Faks: (61) 8 8127 9667

**KANADA:**
PO Box 465
London, ON N6P 1R1
Tel: (905) 814-1094
Faks: (905) 814-7659

**NIEU-SEELAND:**
PO Box 2767
Auckland 1140, New Zealand
Tel/Faks: (09) 268 8985

**VERENIGDE KONINKRYK:**
PO Box 8112,
Kettering, NN16 6YF
Tel/Faks: 44 (0) 844-800-9322

**SUID-AFRIKA:**
Privaatsak X 30
Menlo Park, GP 0102
Tel: 012 331 0058
e-pos: info@wvm.co.za

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif het geen intekenprys nie. Die *gratis* verspreiding van hierdie tweemaandelikse tydskrif word moontlik gemaak deur tiendes en offergawes van lidmate van die Lewende Kerk van God, en van ander wat vrywillig medewerkers geword het in die verkondiging van Christus se ware Evangelie aan alle nasies. Bydraes is welkom en word met dank erken.

Die *Wêreld van Môre*-tydskrif word in Suid-Afrika vertaal, gedruk en uitgegee deur die Lewende Kerk van God.

© Lewende Kerk van God
Alle regte voorbehou

Alle Skrifverwysings is uit die Ou Vertaling (1933), tensy anders aangedui (NV, Nuwe Vertaling, 1983).

# Glo ons in demokrasie? STEM

*Terwyl globale onstabiliteit toeneem en die wêreld die risiko loop vir konflik om uit te bars, waarsku burgers van baie lande dat demokrasie sélf in gevaar is. Wat is egter die uitspraak van die Hemel oor hierdie mees verhewe menslike vorm van regering?*

**Deur Wallace G. Smith**

'n Mens mag 2024 dalk die jaar van demokrasie noem. Die tydskrif *Time* het in Desember 2023 opgemerk dat "2024 nie net *'n* jaar van verkiesings gaan wees nie. Dit is heel moontlik *dié* verkiesingsjaar. Wêreldwyd sal meer kiesers as ooit tevore in die geskiedenis na die stembus gaan, aangesien ten minste 64 lande (plus die Europese Unie) – wat 'n gesamentlike bevolking van ongeveer 49% van die mense in die wêreld verteenwoordig – ook veronderstel is om nasionale verkiesings te hou wat nog vir baie jare in die toekoms gevolge sal inhou".

Aangesien meer mense as ooit tevore na die stembus gaan om die vorm, aard en rigting van hulle eie regerings te bepaal, behoort 2024 die belangrikste jaar in die geskiedenis van demokrasie te wees. In plaas daarvan het daar in 2024 baie krete opgegaan vanuit alle oorde wat gewaarsku het oor die moontlikheid van demokrasie se naderende ondergang. In Duitsland het nuusdienste gewaarsku dat 2024 se verkiesings in werklikheid 'n "verkiesing oor demokrasie" was. Kenners van buitelandse beleid het verklaar dat die verkiesing van die Europese Parlement gedurende 2024 noodsaaklik was vir die teenkanting teen die aftakeling en ondermyning van demokratiese norms in lidlande.

Waarskynlik het die ernstigste waarskuwings oor hoe "demokrasie op die spel is" gekom van die veldtogte van vise-president Kamala Harris en voormalige president Donald Trump. Opnames toon dat die meerderheid Amerikaners inderdaad glo dat demokrasie in ernstige gevaar verkeer. Nog belangriker is dat elke kant glo dat die *ander* kant die een is wat daardie gevaar veroorsaak.

Ondanks al die driftige pleidooie dat ons "demokrasie moet red", lyk dit of mín mense 'n belangrike vraag vra: *Is dit die moeite werd óm demokrasie te red?*

Dekades gelede, toe die politieke wetenskaplike Francis Fukuyama, *The End of History and the Last Man* geskryf het, het baie mense gevind dat hulle saamstem met sy ontleding dat die mens se soeke na die uiteindelike vorm van regering om menslike welvaart te vermeerder, verby was. Fascisme is gediskrediteer. Dit is bewys dat kommunisme 'n mislukking was. Sosialisme was duidelik onsuksesvol. Die wenner in die kompetisie van millennia – die toppunt van menslike politieke organisasie – was *liberale demokrasie*, gekombineer met markgebaseerde ekonomieë. Slegs liberale demokrasieë het hulleself waardig getoon dat menslike belegging vorentoe suksesvol is en in staat is om die beste in die mensdom na vore te bring.

Die dekades sedert Fukuyama se boek het 'n uitbreiding van die wêreld se demokrasieë plaasgevind. Hulle het nogtans ook waargeneem dat die samelewing al nader aan die rand van ondergang beweeg. In tye soos hierdie wanneer nasies hulleself uitmekaarskeur en internasionale konflikte dreig om ons te verswelg in 'n wêreldoorlog waarby veelvuldige kernmoondhede betrokke is, *moet* ons weet: Behoort ons ons vertroue in demokrasie te plaas om ons probleme op te los? Of is dit moontlik dat demokrasie dit *erger* maak?

Dit is tyd om demokrasie van naderby te beskou om te besef wat die Skepper van die mensdom daaroor te sê het en

watter hoop Hy aanbied vir 'n wêreld wat 'n desperate behoefte aan 'n ware goeie regering het.

**Radikale stappe na selfbestuur**

Deur die geskiedenis heen het die meeste mense onder die heerskappy van diktators, generaals of konings geleef. Demokrasie het nog nooit lank gehou nie. Athene wat dalk die bekendste model van antieke demokrasie was, het as sodanig vir minder as 200 jaar geduur. Selfs daardie "demokrasie" was slegs deur vrye volwasse mans [nie slawe nie] van Athene beoefen – minder as 30 persent van sy bevolking.

Regering deur 'n monargie was baie meer algemeen deur die eeue heen. Selfs die antieke Hebreërs het monargie bo hulle vroeë heerskappy deur regters verkies. Heersers, ongeag hulle godsdiens, sou oor die algemeen aanspraak maak op die "goddelike reg van konings" en hulle het gereken dat hulle slegs aan hulle gode verantwoordbaar was terwyl die onderdane onderworpe was aan hulle grille en giere – dit is één ding vir die onderdane om 'n heerser uit te daag, maar wie sou dit waag om God uit te daag?

Vanuit hierdie perspektief kan ons verstaan presies hoe radikaal die stap was wat koning John van Engeland in 1215 geneem het toe hy ingestem het tot die *Magna Carta* ("Groot Handves") – 'n dokument wat erken dat selfs die koning van Engeland aan die gesag van die wet onderworpe was. Alhoewel dit deur die jare heen betwis en gewysig is, het die *Magna Carta*, Engeland onderskei as 'n nasie wat hoofsaaklik deur die wet regeer word eerder as deur mense.

Daardie reël het nogtans soms onderdrukkend geword. Vyfhonderd jaar na die *Magna Carta* was Britse koloniste in Noord-Amerika ontevrede oor wat hulle as onregverdige toepassing van die wet beskou het. Hulle was ook ontevrede om deur 'n koning en 'n parlement van oorsee regeer te word. Die koloniste het in opstand gekom en hulle eie grondwetlike republiek gestig – eers met die *Articles of Confederation* in 1781 en daarna met die Grondwet van die Verenigde State in 1789. Byna 250 jaar later is dit aangevul deur 'n Handves van Regte en 17 daaropvolgende wysigings, is die grondwet steeds die toonaangewende dokument van die V.S. wetgewing. Dit is ook algemeen nagevolg deur ander nasies regoor die wêreld.

Die nasie se stigters het 'n poging aangewend om die groot mag van nasionale soewereiniteit ten volle by die mense te laat inslag vind. Hulle was nie tevrede met 'n benadering van magsdeling tussen 'n koning en 'n parlement, soos hulle onder Britse bewind ervaar het nie. In Amerika sou die *burger* "koning" wees.

Die ontwerpers van die Amerikaanse republiek was ook nie tevrede om die leisels van die Amerikaanse sedewette aan enige geloof oor te laat nie. Beïnvloed deur die werk van filosowe soos Thomas Hobbes, John Locke en Jean-Jacques Rousseau, het die stigters probeer om die regering te vestig op die konsep van 'n *sosiale kontrak* – 'n wedersydse ooreenkoms tussen die mense van 'n samelewing oor die wette wat deur hulle almal aanvaar sou word, die kultuur wat hulle sou aanvaar en die vryhede wat hulle sou erken of selfs prysgee ter wille van sosiale orde.

Die V.S. sou 'n radikale eksperiment wees met betrekking tot vryheid van onderdrukking asook persoonlike vryheid, gegrond op 'n radikale aanvaarding van die soewereiniteit van sy mense. Die ontwerpers van die nuwe nasie se regering was egter nie onkundig wat betref die lesse van die geskiedenis nie. Hulle het byvoorbeeld die geskiedenis van Athene geken wat algemeen beskou word as die geboorteplek van demokrasie, om en by 2,500 jaar tevore. Hulle het die gevare van 'n *direkte* of *suiwer* demokrasie geken – een waarin die ménse besluit, direk, selfs oor die kleinste kwessies van beleid en praktyk.

In 1787 het James Madison geskryf dat "sulke demokrasieë nog altyd 'n spektakel van onstuimigheid en twis was; nog altyd onversoenbaar gevind met persoonlike sekuriteit of die regte van eiendom; en dit was oor die algemeen so kort in hulle leeftyd, as wat hulle in hulle dood gewelddadig was". Een jaar later, toe hy met die Grondwetlike Konvensie van die jong nasie gepraat het, het Alexander Hamilton opgemerk dat die antieke suiwer demokrasieë van die geskiedenis "nooit een kenmerk van 'n goeie

regering gehad het nie. Hulle karakter was een van tirannie; hulle gestalte misvormd".

Tussen die foute van sulke direkte of suiwer demokrasieë was die neiging om in die rigting van "bende-heerskappy" te beweeg, waar die meerderheid van hulle, tiranniese mag oor die minderheid uitgeoefen het. Enige wreedheid, enige onreg, enige despotisme kon tot 'n wet verklaar word in 'n suiwer demokrasie indien 'n meerderheid mense dit so sou verkies by die stembus.

Demokrasieë het ook die geleentheid geskep om tiranne na vore te bring – juis een van die gevare wat die nasie se stigters spesifiek probeer het om in hulle nuwe land onmoontlik te maak. Vir hierdie doel het hulle beplan om die magte van die regering te verdeel in afsonderlike en *opponerende* takke, wat deur middel van kontrole tussen hulle beheer word.

Die resultaat van hulle poging was om Amerikaanse demokrasie deel te maak van 'n *grondwetlike republiek*. Die doel om van die regering 'n *republiek* te maak, waarin die burgers demokraties leiers sou verkies om hulle in regeringsake te verteenwoordig, was bedoel om 'n versperring te wees teen die chaos wat gepaardgaan met suiwer demokrasieë. Die burgers sou soewerein bly, aangesien die leiers ooreenkomstig die besluite van die mense gedien het en daardie leiers wat nie aan die mense se wense voldoen het nie, sou aan die einde van hulle termyn deur nuwe leiers vervang word.

Deur die regering *grondwetlik* te maak en dit te organiseer ooreenkomstig 'n geskrewe grondwet wat as die wet van die land sou dien, het beteken dat Amerikaanse demokrasie grootliks ingeperk kon word. Regte en beskerming kan in die V.S. Grondwet gekodeer word om dit te bewaar van verandering selfs deur 'n meerderheid. Die volk se soewereiniteit sou behoue bly aangesien selfs die grondwet deur die mense se verkose verteenwoordigers verander kon word maar slegs deur "groot meerderhede" wat sou help om die omvattendste moontlike ooreenkoms te waarborg en oorhaastige, radikale veranderings te voorkom.

Die grondwet sou ook die samewerkende, hoewel teenstrydige aard van regeringsgesag omskryf, wat sou verhoed dat te veel mag in die hande van 'n paar mense bly. Uitvoerende mag sou by 'n enkele individu berus – 'n demokraties verkose president. Wetgewende mag sou berus by 'n kongres van demokraties verkose verteenwoordigers in twee kamers. Die hoogste regterlike gesag het berus by aangestelde, onafhanklike regters. Elke afdeling is ontwerp om van die ander afhanklik te wees vir funksies wat dit nie kon verrig nie en sou sy magte deur die ander gekontroleer word sodat dit nie sy funksies in 'n


## God se Kerk deur die eeue

***God se Kerk het deur die eeue bly bestaan. Dit is 'n "klein kuddetjie" (Lukas 12:32), maar God het altyd aan Sy belofte getrou gebly dat "die poorte van die doderyk ... dit nie [sal] oorweldig nie" (Mattheus 16:18). In hierdie onthullende boekie sal u 'n verkorte weergawe van die fassinerende geskiedenis van die ware Kerk van God vind.***

Hierdie boekie is nie te koop nie! Dit word (soos al ons ander publikasies) gratis aangebied as 'n opvoedkundige publikasie deur die Lewende Kerk van God.

Skryf in of skakel ons om u eie kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting in die hande te kry!

geleentheid kon omskep om groter beheer oor te neem nie.

Baie mense beweer nogtans dat om 'n grondwetlike republiek te wees, beteken dat die V.S. *nie* 'n demokrasie is nie, dit nodig is om die stigters se woorde meer noukeurig te lees. Soos Alexander Hamilton tydens die bekragtiging van die V.S. Grondwet opgemerk het, "is die werklike beginsel van 'n republiek dat *die mense behoort te kies wie hulle wil hê*, om hulle te regeer". Wat betref die statute van die nasie of sy saamgestelde state, het niemand anders as George Washington sélf, gesê: "Die basis van ons politieke stelsels is die reg van die mense *om hulle regeringswette te maak en te verander*". Die grondwet moes as "heilig verpligtend vir almal" beskou word, maar slegs "totdat dit verander word deur 'n uitdruklike en geloofwaardige daad van die hele volk".

Die nasie wat deur die stigters van die V.S. gevorm is, het soewereiniteit, demokraties op die skouers van burgers geplaas, terwyl dit op vernuftige wyse teen die misbruik van 'n *direkte* demokrasie beskerm word, deur die uitoefening van daardie soewereiniteit binne die struktuur van 'n grondwetlike republiek te plaas. Die nasie was waarlik, om Abraham Lincoln se woorde te gebruik, 'n regering "van die mense, deur die mense, vir die mense". Hierdie grootse eksperiment in selfbestuur is oor die algemeen as 'n dramatiese sukses beskou en die wysheid en versiendheid van die stigters van die V.S. word byna universeel erken.

**'n Noodlottige en onvermydelike fout**

Die digter T. S. Eliot het geskryf dat die mens "gedurig probeer ontsnap uit die donkerte buite en binne homself deur te droom van stelsels wat so volmaak is dat niemand goed hoef te wees nie". Dit is presies wat die stigters van die V.S. probeer doen het – wat die ontwerpers van *elke* liberale demokrasie probeer doen. Met die doel dat die mense nie afhanklik is van 'n potensieel korrupte heerser of 'n potensieel korrupte aristokrasie nie, maak die mense in demokrasieë hulle *eie* heersers.

Die fundamentele tekortkoming bly steeds: Mense is *nie* goed nie (Matthéüs 19:17) en geen stelsel van selfbestuur kan mense bevry van die korrupsie wat hulle self veroorsaak nie.

Die stigters van die V.S. het – tot hulle krediet – dit erken. In 1788 het James Madison kortweg gesê: "Is daar geen morele deug onder ons nie? Indien daar nie is nie, is ons in 'n ellendige situasie. Géén teoretiese kontrole en geen vorm van regering kan ons veiligheid bied nie". Tien jaar later het John Adams opgemerk dat wanneer die moraliteit van burgers slegs oppervlakkig word – 'n lagie vernis wat van buite goed lyk, terwyl begeerlikheid en vulgariteite binne-in verberg word – dan "sal hierdie land die ellendigste woonplek in die wêreld wees", met niks in die Amerikaanse regeringsvorm wat moontlik is om die mense se immoraliteit in bedwang te hou nie.

Baie mense sou sê dat sommige demokrasieë inderdaad besig is om van die ellendigste woonplekke in die wêreld te word. Met geen kultuur of etiese stelsel, buiten dít waaroor almal in die "sosiale kontrak" saamstem, is samelewings besig om te disintegreer in mededingende groepe van ideologies-gedrewe kampe, wat mekaar daarvan beskuldig dat hulle dít wat die beste betreffende ons nasies is vernietig. Met geen erkende bron van wat reg of verkeerd is en wat meer gesag het as die stembus – geen interne kontrole wat die agteruitgang van die menslike natuur in toom hou nie – vind die mees verdorwe dade en lewenswyses toenemend plaas onder die beskerming van misleidende wette. Met geen erkenning van die gesag van die Goddelike Ontwerper van die mensdom – wat Hom vervang het met die soewereine wil van die mense – word selfs die mees fundamentele instellings van die mens, soos die familie, herdefinieer en herskep volgens die heersende politieke grille en giere.

Trouens, selfs die rampe van direkte demokrasieë wat die stigters probeer vermy het – tirannieë, maklik gemanipuleerde kiesers en agteruitgang in die kwaliteit van leierskap – begin vorendag kom. Watter stelsels die ontwerpers ook al ingestel het, kon net die onvermydelike vertraag, nié keer nie.

Die filosoof Plato wat omring was deur die "moeder"

van alle demokrasieë in antieke Athene, het dikwels uitgevaar teen die idee dat 'n volk homself demokraties sou kon regeer. In sy klassieke werk *The Republic*, het hy duisende jare gelede gewaarsku dat demokrasieë nie leiers van hoë morele waardes oplewer nie, so ook nie heersers met betekenisvolle wysheid en vermoëns of verteenwoordigers wat werklik omgee vir die mense deur wie hulle verkies is nie.

Demokrasieë bring eerder leiers na vore wat uitblink in een spesifieke vaardigheid: Om *verkies te word*.

In sy klassieke werk, *Democracy in America*, het die negentiende-eeuse Franse politieke filosoof Alexis de Tocqueville dieselfde magte in die jong nasie aan die werk waargeneem. Hy het opgemerk dat diegene wat die beste kan lei, selde tot hulle amp verkies word en dat besluite deur stemming oor die algemeen – byna onvermydelik – op 'n relatief oppervlakkige basis geneem word. Gevolglik het de Tocqueville opgemerk dat die publiek "dikwels instem met die lawaai van 'n bedrieër of swendelaar wat die geheim ken om mense se keuses te manipuleer", terwyl diegene wat werklik die mense goed sou kon dien, deur die kiesers geïgnoreer word (Boek 1, Hoofstuk 13, vertaling Henry Reeve).

Kan ons sien hoe hierdie waarhede in ons eie nasies ten toon gestel word? Ons moet onsself eerlik afvra: Lewer ons demokratiese prosesse – watter vorm dit ook al aanneem – die wysste leiers op? Die heel bekwaamste?

Ons sou op 'n dwaalspoor wees indien ons so dink. Ons nasies word toenemend deur individue bestuur sonder die wysheid of die vermoëns wat deur hulle amp vereis word. Hulle blink eerder uit in een enkele vaardigheid wat ons regeringstelsel van hulle vereis: Die vermoë om kiesers te oortuig om die werk vir hulle te gee.

Daar is eenvoudig geen stelsel van menslike regering wat ons teen die menslike natuur kan beskerm nie.

**Demokrasie teenoor God**

Veral in Amerika, het sommige mense probeer om die beginsels van demokrasie, soos dit weerspieël word in die geïnspireerde woorde van die Bybel, te sien met die hoop om God se goedkeuring te verkry vir die regeringsvorm wat hulle gekies het.

Sommige mense het byvoorbeeld beweer dat die drieledige skeiding van magte ondersteun word in die lof wat in Jesaja 33:22 aan God gegee word: "Want die HERE is ons Regter, die HERE is ons Aanvoerder, die HERE is ons Koning: Hý sal ons verlos." Dit is waar dat al drie kategorieë van mag – die uitvoerende, wetgewende asook die regterlike gesag genoem word. Wie by sy volle positiewe is, sou drie magte wat verenig is in die een Almagtige God, 'n voorbeeld van *skeiding* van magte noem? Dit is inderdaad heeltemal die teenoorgestelde!

'n Beginsel uit die Skrif geld egter *wel* – 'n beginsel wat deur die Here Self oorgedra is wanneer Hy sê: "Elke koninkryk wat teen homself verdeeld is, word verwoes" (Matthéüs 12:25). Hoewel daar baie menslike wysheid is in hoe die stigters van die V.S. die skeiding van magte gereël het – toe hulle menslike ambisie téén menslike ambisie gestel het, soos James Madison dit gestel het – die geopenbaarde *goddelike* wysheid meld dat so 'n situasie beslis in verwoesting sal eindig.

Waarom verwag ons dan om te bewys dat ons reg is – die ontwerpers van ons moderne demokrasieë of Jesus Christus? Trouens, die Bybel is gevul met geopenbaarde waarhede wat dit heeltemal en onvermydelik duidelik maak dat demokrasie – in al sy vorms – *nie* 'n Goddelike regering is nie, ongeag die verhewe doelwitte daarvan.

Demokrasie se fundamentele konsep byvoorbeeld, is dat soewereiniteit by die mense berus en dat heersers hulle gesag slegs verkry met "die instemming van die wat regeer word" – in Thomas Jefferson se bekende woorde – is heeltemal teenstrydig met die Skrif in alle lektuur behalwe die mees radikale leesstof, verdraaide aannames en verbeeldingryke vertolkings. Die universele getuienis van God se Woord is inderdaad heeltemal gekant teen demokrasie.

Hou die teregwysing wat aan Nebukadnésar gegee is in gedagte. Die magtige koning

*Vervolg op bladsy 22*

### O Kanada!

# Calgary se waterkrisis: ’n Wekroep

**Deur Gary Molnar**

**Ongeveer 'n driekwart van die aarde** is met water bedek. Daar is soveel water op ons planeet dat dit vanuit die ruimte soos 'n blou bal lyk. Water is een van die belangrikste vereistes vir lewe. Terwyl sommige organismes in soutwater kan floreer, het die meeste lewende organismes – met inbegrip van die mens – vars water nodig om te kan bestaan. Alhoewel dit noodsaaklik is vir menselewe, is vars water nie so geredelik beskikbaar nie. Dit maak slegs sowat 3 persent van alle water op aarde uit. Ongeveer 69 persent van daardie vars water word as ysberge en gletsers in die poolstreke gestoor terwyl nog 30 persent water moeilik toeganklike ondergrondse water is. Dit laat ongeveer net 1 persent van alle vars water op ons planeet wat geredelik beskikbaar is vir menslike verbruik en wat hernubaar is deur die watersiklus – 'n skamele 0,03 persent van die water op aarde.

Watervoorsiening word as vanselfsprekend aanvaar in stede regoor Kanada, soos in ontwikkelde gebiede wêreldwyd. Die meeste Kanadese verwag toegang tot skoon drinkwater met die oopdraai van 'n kraan. Wat gebeur egter wanneer daardie verwagting vir iets wat so noodsaaklik is vir ons bestaan, misluk?

**Stukkende pyplyn, verwoeste lewenslyn**

Onlangs is die Kanadese stad Calgary, ernstig ontwrig toe sy beskikbare watertoevoer met 60 persent verminder het. Calgary, in die provinsie Alberta, is die grootste stad in die drie prêrie-provinsies, wat Manitoba en Saskatchewan insluit. Die stad se bevolking is 1,3 miljoen, met 'n bykomende 300,000 in die groter metropolitaanse gebied. Inwoners van Calgary is gewoond aan droë somers; die stad het 'n semi-droë klimaat met 'n gemiddelde jaarlikse reënval van sowat 'n halwe meter.

Die oorvloed van water wat uit die *Rocky Mountains* na die weste van die stad vloei, dra egter gewoonlik baie by tot die watervoorraad. Munisipale waterbeperkings is in die verlede ingestel, maar nooit so omvangryk of vir so 'n langdurige periode as dié wat gedurende die somer van 2024 ingestel is nie. Op daardie tydstip het 'n hoof watervoerpyp gebreek op die Bearspaw suidelike hoofwatertoevoerlyn, in die Bowness en Montgomery-omgewing. Watertoevoer wat vanaf die Bearspaw watersuiweringsaanleg na Calgary se waterverspreidingsnetwerk vloei was ontwrig.

Kort nadat die breuk van 5 Junie ontdek is, het stadsamptenare, noodwaarskuwings uitgereik en burgers gewaarsku om nie grasperke of tuine nat te spuit nie, om nie te stort of te bad nie, om nie skottelgoed te was of toestelle wat water gebruik te gebruik nie en om water te bespaar op enige manier wat hulle redelikerwys kon. Aan die begin, terwyl die probleem ondersoek is, het die inwoners gesê hulle is verward deur amptenare se kommunikasie oor die erns van die situasie – wat verdere chaos vir die burgers van Calgary en die omliggende gebiede geskep het. Dit was nogtans duidelik

dat die stad se water-infrastruktuur in gevaar gestel was en dat die gebruik ingekort moes word.

**Verbroude herstelwerk en verouderende infrastruktuur**

Die stukkende Bearspaw suidelike hoofwatertoevoerlyn is net betyds voltooi vir die begin van 5 Julie se jaarlikse Calgary *Stampede*, met inbegrip van herstelwerk aan ander kommerwekkende areas wat deur 'n pyplyn-skanderingstoestel geïdentifiseer is. Verdere skandering aan die einde van Julie en vroeg in Augustus het egter nog meer areas wat dringende herstelwerk benodig aan die lig gebring.

Die bykomende werk was geskeduleer om teen die einde van September voltooi te wees en Calgary-amptenare het binne en buitenshuise-waterbeperkings ingestel om die situasie te verlig. Handels- en residensiële beperkings vir binnenshuise gebruik was vrywillig. Buitenshuise beperkings was verpligtend en die oortreding daarvan was onderhewig aan boetes van $400 tot $3,000. Die munisipaliteit het buitenshuise waterbeperkings in vier stadiums ingestel. Fase 1 het voorsiening gemaak vir minimale natlei van bome, struike en tuine deur 'n spuittuinslang te gebruik en twee ure per week vir grasperksproeiers. Tydens Fase 4 was geen gebruik van water buiten water om te drink aanvaarbaar nie.

Die vlak van waterbeperkings het verskeie kere deur die somer verander namate stadsamptenare probeer het om aanbod en aanvraag te balanseer. Sommige inwoners het gekies om by dié beperkings te hou, hoewel die beperkingsvlakke dikwels onduidelik was. Ander inwoners het glad nie hulle watergebruik ingekort nie – hetsy uit frustrasie of bloot 'n gebrek aan begrip vir die erns van die situasie. Wat bygedra het tot die verwarring, was die kommunikasie met betrekking tot die oorsaak van die breuk – die blamering van skuld – wat verander het namate die somer gevorder het.

Die inwoners van Calgary sal die somer van 2024 nog vir baie jare onthou maar die implikasies van die krisis strek veel verder as die stad Calgary.

Die water-infrastruktuur van groot Kanadese stede sluit pype in wat meer as 50 jaar oud is. Daardie pype was ontwerp om langer te hou maar nogtans lyk dit of sommige daarvan die einde van hulle bruikbaarheid baie vinniger genader het as wat verwag was. Die toenemende stedelike bevolking het ook groter eise aan die verouderende infrastruktuur gestel, namate watertoevoerlyne van meer onlangs geboude gemeenskappe aan die bestaande ouer netwerk gekoppel word. Die assessering van watertoevoerlyne, die identifisering van probleem-


# Is Kersfees Christelik?

***Ons sien die toneel elke jaar ... versierde bome, immergroen kerskranse en helder liggies. Somtyds is daar 'n kerstoneel in die hoek wat 'n klein kindjie uitbeeld wat 'n groot aantal geskenke kry. Nogtans word die meeste geskenke aan kinders, familie en vriende deesdae geskenk deur skuldbelaaide volwassenes wat probeer om mekaar te oortref betreffende die nuutste modegier of stokperdjie.***

Skryf in of skakel ons om u eie gratis kopie van die boekie met hierdie noodsaaklike inligting te bekom!

areas en die nodige herstelwerk sal uitgebreide werk en aansienlike uitgawes behels. Dit is steeds absoluut nood-saaklik om veilige drinkwater vir die Kanadese burgers te verseker. Siviele ingenieurs, beplanners en politici in baie groot stedelike gebiede reg-deur Noord-Amerika het Calgary se waterkrisis as 'n wekroep gesien.

Dit was nie lank voor daardie wekroep weer opgeklink het nie. Op 16 Augustus, het daar in die stad Montreal in die provinsie Quebec 'n hoofwaterlyn gebars wat 'n skouspelagtige geiser geskep het en huise en besighede naby die sentrale gebied erg oorstroom het.

**Wie kan vir ons lewende water gee?**

Die agteruitgang van Kanada se water-infrastruktuur is slegs een simptoom van 'n baie groter fundamentele kwessie. Ons samelewing se fondamente is besig om rondom ons te verkrummel – die gesin, onderwys, regering asook die ekonomie is slegs die mees opvallende slagoffers van wydverspreide morele verval. Die mensdom het sy rug op God gedraai, sy eie pad gevolg en is besig om die vrugte daarvan te pluk.

God het ons nie geskep om apart van Hom te bestaan nie. Die profeet Jeremia herinner ons: "Ek weet, o HERE, dat aan die mens sy weg nie toebehoort nie; nie aan 'n man om te loop en sy voetstappe te rig nie" (Jeremia 10:23). God openbaar die weg wat tot ware voorspoed en geluk lei. Sonder Sy leiding, sal alles in ons lewens uiteindelik misluk, want: "As daar geen openbaring is nie, word die volk bandeloos; maar hy wat die wet onderhou, gelukkig is hy" (Spreuke 29:18).

Vars, drinkbare water is noodsaaklik vir menslike lewe. Wanneer die aanbod daarvan beperk word, word dit des te meer duidelik dat ons fisiese lewens broos is. Die profeet Jesaja is geïnspireer om te skryf: "Alle vlees is gras, en al sy aanvalligheid soos 'n blom van die veld. Die gras verdor, die blom verwelk as die asem van die HERE daarin blaas. Voorwaar, die volk is gras!" (Jesaja 40:6-7). Ons menslike lewens is *ontwerp* om tydelik te wees. Soos alle dinge, fisiese dinge, met inbegrip van ons liggame asook stedelike infrastruktuur, is onderhewig aan verval – dit sal mettertyd verslete raak.

Fisiese dinge is dalk nie permanent nie maar nogtans beskryf die profeet Jesaja wat permanent is: "Die gras verdor, die blom verwelk; maar die woord van onse God hou stand in ewigheid" (Jesaja 40:8). Net soos ons fisiese lewens die water nodig het wat God vir ons geskep het, het ons geestelike lewens die lewende water nodig wat net Hý kan voorsien. Jesus Christus sê: "Hy wat in My glo, soos die Skrif sê: strome van lewende water sal uit sy binneste vloei" (Johannes 7:38) en om werklik in Hom te glo en Hom lief te hê, is om Sy opdragte te gehoorsaam (Johannes 14:15). Om 'n ware, volhoubare "waterbron" te hê, moet ons by ons fisiese behoeftes en vereistes verby kyk en antwoorde in God se Woord soek.

Ons infrastruktuur verkrummel en so ook ons samelewing – as gevolg van ons verwerping van God se openbaring. Slegs God se Woord, met inbegrip van Sy Wet, bring geluk en is standhoudend. WvM

**Besoek ons webwerf by: www.wvm.co.za**
**of vir Engelse literatuur: www.tomorrowsworld.org**

# Die vernietigende gevolge van regeringstoesmeerdery

**Deur Scott D. Winnail**

Vertroue kan beskou word as die gom wat verhoudings saambind en mense wil graag hulle vertroue in hulle leiers en nasies plaas. Wanneer ons ander mense vertrou, ervaar ons gemoedsrus. Wat gebeur egter wanneer 'n nasie vertroue in sy leiers verloor? Wat gebeur wanneer leiers die nasie se *vertroue* skok?

'n Skokkende meningsopname van 2017 het getoon dat slegs 17 persent van die Britte hulle politici vertrou het (*"Why British people don't trust the government any more – and what can be done about it," The Conversation*, 31 Januarie 2018). Hierdie navorsing was gedoen ná Brexit maar vóór die COVID-19-pandemie nog groter wantroue uitgelok het in 'n regering wat wyd bespot was vir sy betrokkenheid by gesondheidsverwante toesmeerdery. Tussen 'n groep deelnemers aan 'n intensiewe tweedaagse groep "demokratiese forums" regoor Europa – in Kopenhagen, Berlyn, Oslo en Ljubljana, sowel as in Birmingham, Engeland – het Engelse deelnemers uniek uitgestaan tydens onderhoude. "Die VK-deelnemers het uitgestaan vir hulle algemene wantroue – elders het mense vertroue gehad in die vermoë van die regering om die uitdagings die hoof te bied". Volgens die 2023 Britse regeringstatistieke vertrou minder Britse burgers hulle politieke partye (12 persent) as hulle nuusmedia (19 persent), parlement (24 persent) of die VK regering self (27 persent).

**'n Agteruitgang van moraliteit**

Meer as 20 jaar gelede het die Britse geskiedskrywer Niall Ferguson, 'n ontnugterende waarneming gemaak: "Die Britse Ryk is lankal dood en al wat oorbly is die opdrifsels. Dit wat gebaseer was op Brittanje se kommersiële en finansiële oorheersing in die sewentiende en agtiende eeue en haar industriële oppergesag in die negentiende eeu, sou verbrokkel sodra die Britse ekonomie gebuk gegaan het onder die opgehoopte laste van twee wêreldoorloë" (*Empire*, 2002, bladsy 303).

Ferguson het ook die ekonomiese geskiedskrywer David Landes, aangehaal, wie 'n lys saamgestel het van maatreëls wat "ideale groei-en-ontwikkelde-regerings" geskiedkundig besit het. Dit sluit die voorsiening van stabiele en eerlike regerings in wat regverdig, onpartydig en deur "openbaar-bekende reëls" beheer word (bladsy 307).

Jim Nelson Black het in sy boek *When Nations Die*, aandag gevestig op drie aspekte van nasionale verval: sosiale verrotting, morele en kulturele verval. Morele verval is nie beperk tot die verval van die moraliteit van burgers nie; dit word dikwels deur regerings gelei. Wanneer 'n regering se moraliteit nie vertrou kan word nie, lei dit direk tot die morele verval van die nasie. Ervaring en gesonde verstand dui daarop dat dit nodig is vir mense om hulle regerings te kan vertrou om hulle te beskerm en vir hulle algemene welsyn te kan voorsien. Wanneer daar nie meer vertroue is nie, twyfel burgers aan hulle regerings, verloor respek vir daardie regerings en beleef groter onstabiliteit en onsekerheid in hulle lewens.

Eenvoudig gestel, wanneer vertroue misluk, word mense bang. Sou dit wees dat

een rede vir die agteruitgang van Groot-Brittanje die gebrekkige moraliteit van sy leiers is?

**Vergoeding verontskuldig nie korrupsie nie**

Twee onlangse skandale het onder beduidende publisiteit deurgeloop. Dit het gelei tot 'n verdere verlies aan vertroue in die VK regering. Die eerste is die *besmette bloed-skandaal*. Die besmette bloed navraag wat deur die Britse regering van stapel gestuur is, het bloedoordraagbare infeksies ondersoek wat oorgedra is as gevolg van nalatigheid deur die Nasionale Gesondheidsdiens (*NHS*) en daaropvolgende VK regerings tussen 1970 en 1991 *("Infected blood inquiry: Five things we have learned," BBC*, 3 Februarie 2023). Hierdie optrede – of gebrék aan optrede – het gelei tot die infeksie van meer as 30,000 mense en kan tot dusver aan 3,000 sterfgevalle gekoppel word. "Die vyf jaar lange ondersoek het bevind dat veiligheid nie die heel belangrikste in die besluitnemingsproses was nie en vestig die aandag op die risiko van die oordrag van virale infeksies (met inbegrip van MIV) in bloed en bloedprodukte wat bekénd was aan die Nasionale Gesondheidsdiens se stigting in 1948" *("PM apologises after infected blood scandal cover-up,"* 20 Mei 2024).

Kortliks, die Nasionale Gesondheidsdiens het vir dekades lank, bewustelik hoërisiko en besmette bloed aan pasiënte binne die Britse gesondheidsorgstelsel voorsien. Die destydse Eerste Minister Rishi Sunak het dit betreur en gesê: "Vandag se verslag toon 'n dekadelange morele mislukking in die hart van ons nasionale lewe". Sir Brian Langstaff, wat die voorsitter van die *Infected Blood Inquiry* was, het opgemerk: "Die ramp was nie per ongeluk nie en moes nooit gebeur het nie, terwyl hy 'n 'skrikwekkende' toesmeerdery deur die Nasionale Gesondheidsdiens en vorige opeenvolgende regerings oopgevlek het" ("*Day that shames the British state: Tainted blood scandal report blasts 'horrifying' failures that led to over 3,000 deaths – but families fear no one will ever face justice," The Daily Mail*, 20 Mei 2024). Volgens die Britse regering sou die eerste slagoffers en hulle families teen die einde van die jaar vergoeding ontvang het *("What is the infected blood scandal and what compensation is there?," BBC*, 16 Augustus 2024). Finansiële vergoeding mag nogtans 'n stap in die regte rigting wees vir 'n regering wat sy burgers in die steek gelaat het, maar die verlore vertroue kan nie teruggekoop word nie.

Let ook op na die onlangse *Poskantoor-skandaal* wat landwye ontwrigting veroorsaak het. Rekenaarsagteware is slegs so goed soos die programmering daarvan en daar is gevind dat rekeningkundige sagteware vir die Britse posstelsel erg foutief was. Dit het die valse voorkoms van wangedrag deur poskantoorwerkers veroorsaak. Dit het nie slegs gelyk of geld verkeerdelik verdwyn het danksy sagteware-foute nie – dit het honderde werknemers hulle werk gekos as gevolg van die foutiewe sagteware! "Meer as 900 assistent-posmeesters is vir diefstal vervolg weens die verkeerde inligting van die *Horizon*-rekenaarstelsel" ("*Post Office Horizon scandal*: *Why hundreds were wrongly prosecuted," BBC*, 30 Julie 2024). Baie van hulle is selfs gevange geneem weens hulle vermeende "valse boekhouding en diefstal" en ander werkers is finansieel geruïïeer.

Die Poskantoor se leierskap – wat gesteun was deur politici en kabinetslede – het tog vir jare lank geweier om die foute te erken. Uiteindelik, in 2017, het 555 voormalige werknemers die Poskantoor gedagvaar en die saak gewen. Baie van die £58 miljoen van die vergoeding is egter deur regskostes verbruik. Teen Maart 2024 was slegs 102 van die meer as 900 sake teruggetrek.

Wetgewing is uiteindelik in Mei 2024 ingestel om slagoffers se name in ere te herstel en hulle het vergoeding ontvang. Die regering het £1 miljard vir vergoeding begroot. Dit word egter algemeen gesien as "te min en te laat" en ervaring leer ons dat finansiële vergoeding nie vertroue in die regering sal herstel nie.

**'n Betroubare regering sal binnekort kom**

Ongelukkig het jare se toesmeerdery en ontkenning deur regeringsagentskappe en kabinetslede – mense wie se woorde en dade voorbeeldig behoort te wees om die nasie se vertroue te verdien – gelei tot 'n verbrokkeling van die nasie se vertroue in sy leiers. Die Bybel profeteer aangaande hierdie werklikheid.

God waarsku dat baie van die leiers – "herders" – van die eindtydse Israelitiese afstammelinge [nasies van Britse afkoms], net vir hulleself sal sorg, in plaas daarvan om te sorg vir diegene wat hulle beweer hulle wel dien (Eségiël 34:1-4). Hy het ook teen verdorwenheid van geregtigheid gewaarsku (Deuteronómium 24:17) en Hy betreur dit dat in hierdie nasies: "waarheid struikel op die mark" (Jesaja 59:14). God het nogtans ook gewaarsku dat diegene wat sondig nie hulle sondes vir ewig geheim sal hou nie (Númeri 32:23). Nasionale leiers stel die voorbeeld vir moraliteit in hulle nasies (Jesaja 3:12). Dit behoort dus nie verbasend te wees om die jammerlike toestand van so baie burgers se moraliteit te sien nie.

Die Bybel maak dit duidelik dat mense wat gelei word deur onregverdige, leuenagtige en selfdienende leiers kreun onder sulke onregverdige leierskap (Spreuke 29:2). Wanneer regverdige, opregte leiers regeer, "is die volk bly". Terwyl ons Westerse demokrasieë op die pad van onsedelikheid en selfgesentreerde heerskappy voortsnel, kan ons vertroosting vind in die werklikheid dat 'n beter toekoms aan die kom is. Die Bybel voorspel dat Jesus Christus na die aarde sal terugkeer en in geregtigheid oor die nasies sal heers (Psalm 9:8, 9). "Want die woord van die HERE is reg, en al sy werk is met trou" (Psalm 33:4).

Daardie opwindende toekoms is aan die kom. Indien u meer te wete wil kom, lees ons inspirerende boekie *Die toekomstige wêreld: Hoe sal dit wees?* U kan u gratis gedrukte eksemplaar bestel by die streekkantoor naaste aan u. Die lys verskyn op bladsy 2 van hierdie tydskrif of lees dit aanlyn by wvm.co.za. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 22 – Glo ons in demokrasie?*

spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees" (Hebreërs 8:10).

Oorloë sal eindig, ongelykheid sal afgeskaf word en elke individu sal die geleentheid hê om 'n vervulde en oorvloedige lewe te lei onder die bevrydende Wette van sy Skepper (Jakobus 1:25).

God die Vader soek na diegene wat verstaan dat hulle nie geroep is om op die regerings van hierdie wêreld te vertrou en te veg met hierdie wêreld se gebroke en wêreldse werktuie, asof hulle Sy Seun vóór Sy tyd kon troon nie (Johannes 18:36). In plaas daarvan is Hy na diegene op soek wat gereed is om hulle vertroue in *Hom* te stel – om Hom toe te laat om hulle eie harte en gedagtes vandag te verander, sodat hulle Hom kan help om die harte en gedagtes van die mensdom van môre te verander. WvM

# Wat behoort ons te doen met betrekking tot Kersfees?

### Deur Rod McNair

*Die meeste mense vind die heidense oorsprong van Kersfees nie vreemd nie. Behoort daardie oorsprong enigsins saak te maak?*

Baie mense weet dat die alombekende Kersfeesvierings 'n heidense oorsprong het – die oorsprong wat ook glad nie weggesteek is nie. Trouens, wanneer die Kersgety elke jaar aanbreek, sien ons gewoonlik artikels of nie-amptelike aanlyn-plasings wat verduidelik waar hierdie tradisies vandaan kom. Indien u al 'n rukkie 'n *Wêreld van Môre*-intekenaar is, onthou u waarskynlik die artikel van mnr. Wallace Smith in die Desember 2022-uitgawe: "Is Kersfees 'n heidense vakansiedag?" Indien u 'n nuwe intekenaar is, kan u dit steeds aanlyn lees by *wvm.co.za*.

*Dit is dalk nie 'n skok vir* u dat daar Christene is wat kies om nie Kersfees te hou nie. U is heel moontlik een van hulle. U het miskien tot daardie besluit gekom deur u persoonlike studie – dalk het die heidense oorsprong van Kersfees u twee keer laat dink om dit te vier. Indien wel, is u nie die enigste een nie.

Die oorgrote meerderheid mense in Westerse nasies vier steeds Kersfees. Volgens Gallup-opnames vier 93 persent van Amerikaners Kersfees op een of ander manier, hetsy godsdienstig of sekulêr – 'n syfer wat al dekades lank min of meer konsekwent is ("*What persentage of Americans Celebrate Christmas?*," *News.Gallup.com*, Desember 23, 2019). Selfs in Groot-Brittanje vier 93 persent van mense die Kersseisoen en in Kanada doen 92 persent dit ("*Christmas and New Year's Survey amongst 1,000 British people reveals habits*," *Statista.com*, 18 Desember 2019; "*In Canada, Christmas traditions change as fewer people see religion as the reason for the season*," *AngusReid.org*, 19 Desember 2019).

Baie van hierdie feesgangers weet dat die oorsprong van Kersfees glad nie Christelik is nie. U weet waarskynlik ook. Indien u nie seker is nie, soek dit op in feitlik enige ensiklopedie of toepaslike aanlynartikel. Hier is byvoorbeeld 'n aanhaling uit die aanlyn *Encyclopædia Britannica*: "In antieke Rome was 25 Desember 'n viering van die onoorwonne son, wat die terugkeer van langer dae aangedui het. Dit het gevolg op Saturnalia, 'n fees waar mense baie geëet het en geskenke uitgeruil het. Die kerk in Rome het in die 4de eeu tydens die bewind van Konstantyn, Kersfees op 25 Desember begin vier" ("*Does Christmas have pagan roots?*" *Britannica.com*, 6 Desember 2020).

Soos die *Britannica* aandui, was die feestelikhede en die uitruil van geskenke op 25 Desember van die baie heidense gebruike wat onder die Romeinse Ryk waargeneem is. Hierdie datum is eers in die vierde eeu aangeneem deur wat die hoofstroom "Christelike" kerk geword het – honderde jare na Christus se bediening.

25 Desember is die dag waarop Christene die geboorte van Jesus Christus vier hoewel die datum sélf en verskeie van die gebruike wat ons met Kersfees assosieer eintlik ontstaan het uit heidense tradisies wat die wintersonstilstand vier. "Kersfees gaan regtig daaroor om u *innerlike heiden na vore te bring*", het die geskiedskrywer Kenneth C. Davis. aan "*CBS This Morning*" gesê. Volgens Davis is Kersfees reeds in die vierde eeu gevier, wat daarop

*Vervolg op bladsy 21*

# Antieke profesieë neem gestalte aan

## Deur Gerald E. Weston

Ons vind hierdie onbeskroomde stelling in die Bybelse boek Jesaja: "Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; *Ek is* God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen" (Jesaja 46:9-10). Hoe moet ons dit verstaan?

Vervulde profesie is een van die belangrike bewyse dat die Bybel meer as die werk van mense is en dat dit werklik is wat dit beweer om te wees – die Woord van God. Min mense verstaan vandag dat wat duisende jare gelede geskryf is. geopolitieke gebeure in die een-en-twintigste eeu verduidelik. Dit is egter presies wat ons kan sien indien ons bloot net ons oë oopmaak.

Daar word beraam dat soveel as 'n derde van die Bybel profeties van aard is. Sommige mense is vaagweg vertroud met die boek Openbaring, hoewel min van hulle dit verstaan. Ander mense erken dat Jesaja, Jeremia en Eségiël profete was maar neem aan dat al hulle geskrifte vir die antieke Jode bedoel was. Niks kan verder van die waarheid af wees nie, want baie van hulle profesieë is bedoel vir die dae wat nog voorlê – dit is egter nie net vir die Jode alleen nie – soos wat hierdie artikel sal aantoon.

Profesie word in byna elke boek van die Ou en Nuwe Testamente gevind. Jesus het die toekoms voorspel in Sy gedetailleerde Olyfberg-profesie, wat in drie van die Evangelies opgeteken is. Die apostels Paulus en Petrus het profeties van eindtydgebeure gepraat. Judas, die halfbroer van Christus, het 'n kort profetiese brief geskryf. Selfs die boek Psalms bevat profesieë – kyk na Psalm 2 as een van vele voorbeelde.

Hoeveel mense besef dat die heel eerste boek van die Bybel, Génesis, vol profesieë is en dat die meeste daarvan vandag in óns tyd vervul word? Dit is ongeveer 3,500 jaar gelede geskryf en bevat van die belangrikste en mees toepaslike profesieë vir ons tyd, wat ons help om sin te maak van ons samelewing.

### Beloftes aan Abraham se nageslagte

Die boek Génesis stel 'n man met die naam Abram bekend in die konteks van beloftes – profesieë – wat reeds duisende jare voor die vervulling daarvan, gegee is. God het vir Abram hierdie belofte gegee: "En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word" (Génesis 12:2-3). Baie belydende Christene besef dat die laaste deel van daardie belofte, die seën vir al die gesinne in die wêreld – die komende Messías, Jesus van Násaret – voorspel het. Hierdie gedeelte behels egter veel meer. Let daarop dat God vir Abram gesê het dat hy 'n groot nasie sou word, sy naam sou groot wees en dat God diegene sou seën wat hom geseën het en diegene vervloek wat hom vervloek het. Daardie beloftes was nie in Christus of Sy Kerk se tyd vervul nie. Dit het eerder 'n veel omvattender vervulling.

Die beloftes wat aan Abram gemaak is – wie se naam later na Abraham verander is – is van een geslag na die volgende geslag oorgedra en in meer besonderhede uitgebrei. Wat Abraham se kleinseun Jakob betref, lees ons: "Verder sê God vir hom: Ek is God, die Almagtige. Wees vrugbaar en vermeerder. 'n Nasie, ja, 'n menigte van nasies, sal van jou afstam, en konings sal uit jou lendene voortkom" (Génesis 35:11). Terwyl die beloftes wat aan Abraham gemaak is, duidelik die koms van Christus insluit, is dit ewe duidelik vir enigiemand met 'n ontvanklike gemoed dat daardie beloftes, nasies behels – spesifiek "'n nasie, ja, 'n menigte van nasies". Was dit net mooi-klinkende woorde of was dit die woorde van die Skepper-God? Indien dit Sy woorde was wat beteken dit? Dit is nodig dat u die antwoord ken. Die waarheid is dat dit *onmoontlik* is om sin te maak van wat in ons era gebeur indien u nie hierdie beloftes verstaan en hoe dit ons hedendaagse samelewing raak nie.

Na-aan die einde van

Génesis leer ons wat die oorsprong van die enkele nasie en die menigte van nasies is wat sou ontstaan. Soos Bybelkenners weet, het Jakob – wie se naam na Israel verander is – 12 seuns gehad. Sy gunsteling seun was Josef, maar jaloesie het Josef se broers aangehits om hom as 'n slaaf te verkoop en hulle vader te mislei om te dink dat hulle broer deur 'n wilde dier doodgemaak is.

Josef het in Egipte beland, waar hy deur 'n reeks merkwaardige gebeure, hoë aansien bereik het. Jare later het Israel agter die waarheid gekom en sy seun in Egipte ontmoet in 'n waarlik emosionele reünie. Dit is hier waar ons lees van 'n baie diepgaande profesie. In 'n vreemde wending het Jakob – dit is Israel – Josef se twee seuns as sy eie aangeneem.

> "Nou dan, jou twee seuns wat vir jou in Egipteland gebore is voordat ek in Egipte gekom het, is myne. Efraim en Manasse sal myne wees net soos Ruben en Símeon ... die Engel wat my uit elke teëspoed verlos het – mag Hy die seuns seën, en mag deur hulle my naam genoem word en die naam van my vaders Abraham en Isak, en mag hulle vermeerder in die land in menigte" (Génesis 48:5, 16).

Dit is interessant – "in die land in menigte." Waar is daardie menigte vandag? Het almal daarin uitgesterf? Of is hulle deur die Jode geabsorbeer, soos baie mense aanvaar? Trouens, hierdie kan nie Jode wees nie, aangesien die Jode afstammelinge is van Josef se broer Juda. Onthou, dit was Juda wat sy broers oortuig het dat daar geen voordeel daarin was om hulle broer Josef dood te maak nie.

Hierna het Jakob vir Efraim en Manasse in 'n ongewone seremonie geseën, waartydens hy sy hande op die kop van elkeen van die aangenome seuns geplaas en voorspel het wat van hulle sou word. Sodoende het hy sy arms gekruis en sy regterhand op Efraim geplaas, wat die groter seën simboliseer en sy linkerhand het hy op Manasse geplaas. Joseph het protesteer toe hy besef wat besig was om te gebeur en gedink sy pa maak 'n fout. "Maar sy vader weier en sê: Ek weet, my seun, ek weet. Hy sal ook 'n volk word, en hy sal ook groot word; nogtans sal sy jongste broer (Efraim) groter wees as hy, en sý nageslag sal 'n menigte van nasies word" (vers 19).

Hier het ons dan die antwoord: Die belofte wat jare tevore aan Jakob gegee is met betrekking tot 'n enkele groot nasie en 'n menigte van nasies, raak nou duidelik. Hierdie belofte sou nie vir die Jode wees nie, ook nie vir Jakob se eersgeborene Ruben of vir enige van sy ander seuns nie. Die belofte van 'n groot nasie en 'n menigte nasies het aan Josef se twee seuns behoort. Sommige mense glo dat die nasie en menigte van nasies ontstaan het toe tien stamme van Juda en Benjamin afgeskei het en die huis van Israel en die huis van Juda gevorm het, maar dit is verkeerd. Die belofte van 'n groot nasie en 'n menigte nasies was nooit aan die Jode gemaak nie, ook nie aan enige van die ander stamme van Israel nie. Dit was net vir die stam van Josef – uitsluitlik vir sy twee seuns. Waarom is dit dat so min mense hierdie eenvoudige waarheid van die Skrif verstaan?

**"In die laaste dae"**

Voordat hy gesterf het, het Israel al twaalf sy seuns bymekaargeroep en voorspel wat van hulle sou word in die laaste dae – meer as 3,700 jaar in die toekoms. "DAARNA het Jakob sy seuns geroep en gesê: Kom bymekaar, dat ek julle kan verkondig wat julle aan die einde van die dae sal wedervaar. Versamel en hoor, seuns van Jakob, en luister na Israel, julle vader!" (Génesis 49:1-2).

Israel het voortgegaan om te voorspel wat van die afstammelinge van sy twaalf seuns "aan die einde van die dae" sou word. Hierdie profesieë is nie deur die Jode vervul nie, behalwe die een profesie wat Jakob aan sy seun Juda gegee het. Laat ons dus begin met daardie seun. Wat het Jakob vir die Jode profeteer oor die eindtyd?

> "Juda, jy is dit! Jou sal jou broers loof. Jou hand sal op die nek van jou vyande wees; voor jou sal die seuns van jou vader hulle neerbuig. Juda is 'n jong leeu; van die roof af het jy opgeklim, my seun. Hy buig hom, hy gaan lê soos 'n leeu en soos 'n leeuin; wie sal hom opjaag? Die septer [heerskappy] sal van Juda nie wyk nie, nóg die veldheerstaf tussen sy

voete uit totdat Silo [Messías] kom; en aan Hom sal die volke gehoorsaamheid wees" (Génesis 49:8-10).

Het die Messías nie van die Jode af gekom, net soos wat dit meer as 1,700 jaar vooruit voorspel is nie? Laat die skrywer van die boek Hebreërs antwoord: "Want dit is volkome duidelik dat onse Here uit Juda voortgespruit het, en met betrekking tot hierdie stam het Moses niks gesê van die priesterskap nie" (Hebreërs 7:14). Sal Hy nie in die nabye toekoms terugkeer nie?

Let ook op dat die Jode in die laaste dae groot militêre mag sou uitoefen. Was dit 'n gelukkige raaiskoot deur Jakob of is dit geïnspireer deur dieselfde God "wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie"? Laat diegene wat oplet, vandag na die gebeure in die Midde-Ooste kyk. Het die Jode nie hulle hande om die nek van hulle vyande nie? Is dit nie beter om hulle nie uit te lok nie? Liewe vriende, dit was nie altyd so nie, maar dit is vandag so – *aan die einde van die eeu*.

Dit is deur ander profesieë bevestig dat daar a*an die einde van die dae* 'n Joodse staat *sal wees* met Jerusalem onder beheer van die Jode. Dit was vir die grootste deel van 1,900 jaar nie die geval nie. Vandag vind ons egter dat Jerusalem 'n netelige probleem is vir alle volke, 'n Joodse staat, met feitlik die hele wêreld in opstand teen hulle. "Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot 'n beker van bedwelming, en ook teen Juda sal dit wees tydens die beleëring teen Jerusalem. En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke: elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seer maak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader word" (Sagaría 12:2-3).

Let ook daarop dat Sagaría, Jakob se profesie met betrekking tot die Jode se militêre bekwaamheid in die laaste dae bevestig. "In dié dag sal Ek die stamhoofde van Juda maak soos 'n pan met vuur onder 'n hoop hout en soos 'n brandende fakkel onder gerwe – hulle sal regs en links al die volke rondom verteer; maar Jerusalem sal nog bewoond wees op sy plek in Jerusalem" (Sagaría 12:6). In Sagaría 14 word vertel van hoe die hele wêreld teen die Jode in opstand sal wees voor die Wederkoms van die Messías. Maak u Bybel oop en lees self Sagaría 14!

**Wat van Ruben?**

Indien Jakob se beloftes vir die Jode akkuraat is – wat van sommige van die ander eindtydse seuns van Israel? Daar is nie genoeg ruimte in hierdie artikel om elkeen van hulle te bespreek nie maar wat wél van spesiale belang is, is Israel se eersgeborene, Ruben. Die eersgeboortereg-seëninge van groot nasionale rykdom en mag, van 'n groot nasie en 'n menigte van nasies, moes na Ruben gegaan het maar dit het nie. Hoekom nie? Jakob het verduidelik: "Ruben, jy is my eersgeborene, my krag en die eersteling van my sterkte; die vernaamste in hoogheid en die vernaamste in mag! Opruising soos van waters – jy sal die vernaamste nie wees nie, want jy het die bed van jou vader beklim; toe het jy dit ontheilig" (Génesis 49:3-4). Verskeie hoofstukke vroeër lees ons van Ruben se diskwalifiserende sonde: "En terwyl Israel in dié land woon, het Ruben gegaan en met Bilha, sy vader se byvrou, gemeenskap gehad. En Israel het dit gehoor" (Génesis 35:22).

Ja, Ruben sou groot waardigheid en mag hê, maar hy was onstabiel en het 'n groot sonde gepleeg. Hierdie eienskappe is aan sy nageslag oorgedra, met geweldige gevolge wat verduidelik word in 'n skrifgedeelte wat byna universeel afgeskeep word: "EN die seuns van Ruben, die eersgeborene van Israel – want hy was die eersgeborene; maar omdat hy die bed van sy vader ontheilig het, is sy eersgeboortereg aan die seuns van Josef, die seun van Israel, gegee, [Efraim en Manasse] maar hy moes nie in die geslagsregister volgens die eersgeboortereg aangegee word nie; want Juda was sterk onder sy broers, en uit hom het een 'n vors geword, maar die eersgeboortereg het Josef gehad" (1 Kronieke 5:1-2).

Is hierdie niks meer as mooi-klinkende woorde wat deesdae vir ons geen betekenis inhou nie? Kan dit ons dalk help om "aan die einde van die dae" ten volle te verstaan? Soos ons reeds daarop gewys het, word hierdie gedetailleerde profesieë vir die Jode tans vervul – sowat 3,700 jaar later! Dit is moeilik vir enige persoon wat op hoogte van sake is om dit te ontken. Wat dan van Ruben? Waar is hy te vinde aan die

einde van die eeu?

Min mense besef vandag dat die Jode eintlik maar slegs 'n klein deel van Israel is. Inderdaad is nóg minder mense daarvan bewus dat die profesieë wat Israel (Jakob) teen die einde van sy lewe vir sy seuns gemaak het, ernstig opgeneem behoort te word. Om hierdie feite te verontagsaam, is om die geldigheid van die Bybel te verontagsaam! Óf hierdie beloftes is waar, óf daar kan nie op die Bybel staatgemaak word as die Woord van God nie. Dus, weereens, wáár is Ruben vandag in die wêreld te vinde?

Frankryk is bekend vir "die vernaamste in hoogheid en die vernaamste in mag!" 'n Mens hoef nie verder as Versailles en die Louvre te kyk nie. Die land blink uit in kultuur en baie sjefs gaan na Franse kookkuns-skole omdat die Franse se kookkuns regoor die hele wêreld bekend is. Die Olimpiese Spele van 2024 in Parys het ons ook daaraan herinner dat hulle weet hoe om 'n vertoning aan te bied (later meer hieroor). Wat egter van "mag"? Frankryk was 'n groot koloniserende mag naas Brittanje, Spanje en die Nederlande. Napoleon het vir 'n kort tydjie oor 'n groot deel van Europa regeer. Deesdae word geglo dat die Franse weermag die vierde grootste in die wêreld is. Net Rusland, die Verenigde State en China is groter. Frankryk het nogtans nog nooit die mag van die nasies van Britse afkoms en Amerikaanse volke bereik nie – hulle het nooit naby Engelse of Amerikaanse oppergesag gekom nie. Wanneer dit by direkte konfrontasies gekom het, het Frankryk dikwels in die tweede plek geëindig, hetsy by Waterloo (wat Napoleon se poging om Europa te beheer beëindig het) of die *Plains of Abraham* ('n beslissende geveg wat uiteindelik daartoe gelei het dat Frankryk, Oos-Kanada aan die Britte afgestaan het).

Terselfdertyd was daar 'n eensgesindheid tussen Frankryk en Brittanje maar veral met Amerika. Die Franse het Amerika gehelp tydens die Amerikaans-Engelse revolusie. Dit is Frankryk wat aan Amerika die "*Statue of Liberty*" gegee het. Brittanje en Amerika het Frankryk in twee wêreldoorloë te hulp gesnel. Konflik *tussen* hierdie lande het behels wie die hoogste posisie beklee en Brittanje en Amerika eindig gewoonlik as die "dominante lande". Die belofte van groot mag en landbourykdom wat in Génesis 49:22-26 en Deuteronómium 33:13-17 beskryf word, sou eerder na die seuns van Josef gaan: Efraim (die nasies van Britse afkoms) en Manasse (die Amerikaners). Ruben se eersgeboortereg is "aan die seuns van Josef [Efraim en Manasse], die seun van Israel, gegee ..." Wat was aan Josef se seuns gegee? 'n Groot nasie en 'n groot menigte van nasies!

Die openingseremonies van die Olimpiese Spele in 2024 in Parys het geïllustreer wat Jakob oor Ruben voorspel het: onstabiliteit en losbandige seksuele waardes. Baie mense was ontsteld oor die oënskynlike bespotlike nabootsing van Leonardo da Vinci se *Laaste Avondmaal*, wat in Parys uitgebeeld is met goedkeuring, godslasterlike en seksuele onsedelikheid – soos wat gesien was in ander aspekte van die openingseremonies. Van al die noordwestelike nasies van Europa, vervul Frankryk by uitstek Israel se profesie van die stam van Ruben, gedurende die laaste dae.

**Wat van Josef?**

Jakob se eindtyd-profesieë met betrekking tot sy twaalf seuns is oor die algemeen redelik kort – net 'n sin of twee. Hy gee egter baie aandag aan Josef, die ontvanger van die geboorteregbeloftes. Ons het nou op Juda en Ruben gefokus, maar die beloftes aan Juda is *baie* betekenisvol omdat dit voorspel dat die Messías uit sý stam sou kom en dat Christus met Sy Wederkoms die eindtydse Joodse staat en inderdaad die hele mensdom van totale vernietiging sal red. Ruben is betekenisvol omdat hy eintlik die geboortereg-beloftes van nasionale rykdom *moes* ontvang naamlik 'n groot nasie en 'n menigte van nasies, maar hy is gediskwalifiseer. Nou kom ons by die stam aan wie daardie geboortereg-beloftes gegee is naamlik Josef. Hier is hoe die Skrif die stam van Josef "aan die einde van die dae" beskryf:

> "Josef is 'n jong vrugteboom, 'n jong vrugteboom by 'n fontein; *sy* takke klim oor die muur (hy sal oor die aarde uitsprei). Die boogskutters het hom wel geprikkel en hom beskiet en hom bestry, (hy sal baie vyande hê)

maar sy boog het sterk gebly, en die arms van sy hande was buigsaam, deur die hande van die Magtige van Jakob – daarvandaan waar die Herder, die Steen van Israel, is, van die God van jou vader, wat jou help, en met die hulp van die Almagtige wat jou seën met seëninge van die hemel daarbo, met seëninge van die watervloed wat daaronder lê, met seëninge van borste en moederskoot. Die seëninge wat jou vader ontvang het, oortref die seëninge van die ewige berge, die kostelikste gawes van die ewige heuwels. Dit sal wees op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die uitverkorene onder sy broers" (Génesis 49:22-26).

Net soos Jakob geprofeteer het oor sy twaalf seuns, het Moses dieselfde gedoen en Moses het ook meer tyd bestee om die eersgeboortereg-seëninge te beskryf wat nie na Ruben of die Jode sou gaan nie, maar na hulle broer Josef, van wie hy gesê het:

"En van Josef het hy gesê: Geseënd deur die Here is sy land met die kostelikste gawe van die hemel, met dou en met die wêreldvloed wat onder lê, en met die kostelikste voortbrengsels van die son en met die kostelikste gewasse van die mane en met die vernaamste voortbrengsel van die berge van die voortyd en met die kostelikste gawe van die ewige heuwels en met die kostelikste gawe van die aarde en van sy volheid, en die welbehae van Hom wat in die doringbos gewoon het – laat dit kom op die hoof van Josef en op die hoofskedel van die vors onder sy broers. Sy eersgebore stier – heerlikheid is syne, en sy horings is buffelhorings; daarmee sal hy die volke stoot, die eindes van die aarde almal saam. En dit is die tienduisende van Efraim, en dit is die duisende van Manasse!" (Deuteronómium 33:13-17).

Dit is moeilik om nie die nasies van Britse afkoms en die Amerikaanse volke te kan herken in hierdie beskrywing van ongeëwenaarde natuurlike rykdom nie. Wanneer ons na twee broers sou soek wie se nageslag 'n enkele groot nasie en 'n menigte van nasies – enige tyd in die geskiedenis, nog minder teen die tyd van die einde – wie anders sou moontlik by hierdie beskrywing inpas? Ons verwys dikwels na die Britte en Amerikaners as "neefs", maar "broers" is 'n meer gepaste benaming. Wie was dit wat hulle vyande na die einde van die aarde gedryf het aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog? Wie anders het so 'n oorvloedige landbou- en minerale rykdom ervaar soos nie net die Amerikaners nie, maar ook die Britse afstammelinge van Kanada, Australië, Nieu-Seeland en Suid-Afrika?

Ongelukkig het al Jakob se seuns, God se seëninge verkwis, Hom as hulle Skepper verwerp, hulle rug op Sy Wette gedraai en Sy insettings geminag. Die gevolg is rampspoed vir Sy eersgeboortereg-volk, sowel as vir die ander seuns van Jakob (Levítikus 26:14-39). "Die vreemdeling wat by jou is, sal hoër en hoër oor jou opklim; en jý sal laer en laer afsak" (Deuteronómium 28:43). Is ons só blind dat ons nie kan sien wat rég voor ons oë gebeur nie? Dit is nie toevallig dat die Israelitiese nasies, miljoene onwettige immigrante aanskou wat hulle lande bewoon nie.

Vir meer inligting oor hierdie onderwerp, bestel 'n gratis kopie van *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje, asook Suid-Afrika?* Dit bevat baie meer besonderhede as wat hierdie artikel toelaat in die beperkte ruimte wat beskikbaar is. Hierdie profesieë is daar vir enigiemand wat weetgierig genoeg is om dit te ondersoek en hulle oë oop te maak om die ooglopende te sien. Terwyl ons wêreld in duie stort, wys die profesieë wat in die Skrif vervat is vir ons meer as net die bekommernisse van die verlede – dit wys vir ons niks minder as wat reeds vooraf in die geskiedenis opgeteken is nie.

Dieselfde God wat eens kragtig bevestig het dat Hy die einde van die begin af verklaar, lei selfs nou wêreldgebeure volgens Sy onveranderlike plan. Indien ons kan verstaan waarheen ons samelewing op pad is – indien ons enigsins seker wil wees van wat ons nasies in die komende dae in die gesig gaan staar – het ons geen ander keuse as om die belangrikheid van hierdie

profesieë ernstig op te neem nie. Ons leef in 'n tyd van wêreldwye oproer. In sulke tye is dit belangriker as ooit om te erken hoe belangrik God se Woord is en om die belangrikheid van Sy geïnspireerde Woord te erken, net soos dit is om waarlik te soek na God se doel met die mensdom. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 26 – Wat behoort ons te doen met betrekking tot Kersfees?*

Romeine 14 aangespreek het, was hoe mense soms by tradisies hou waardeur hulle sekere dae anders as ander behandel. Hy het spesifiek gepraat oor twee verskillende kwessies wat omstrede geraak het: Die vermyding van vleis wat moontlik uit heidense tempels gekom het en die hou van spesifieke vasdae wat nie in die Skrif beveel is nie. Die Jode het baie tradisionele vasdae gehad en het nog steeds. Romeine 14 het niks te doen met of ons heidense gebruike moet aanneem en dit Christelik moet noem nie.

God bepaal wat heilige tyd is. Hy bepaal watter dae ons hou om Hom te eer. Jesus het gesê Hy is die "Here óók van die Sabbat" (Lukas 6:5). Ons kan nie ons Here oorheers deur Sy weeklikse en jaarlikse dae van aanbidding te verander nie.

Jesus het ook gesê: "Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid" (Johannes 4:23). Soos dit deur die Bybel gedefinieer word, is die waarheid *God se standaard* – nie menslike tradisies of gebruike nie. Wanneer ons eer aan God betoon, moet ons dit op Sy manier doen en dit sluit die dae in waarop *Hy* wil hê dat ons Hom moet eer.

**Die beter weg**

Wat behoort ons dus te doen in verband met Kersfees? Ons behoort God se aanbod van iets *beters te* aanvaar. Ons hoef nie tevrede te wees met 'n fees gevul met heidense tradisies nie. Ons kan anders wees. In Levítikus 23 gee God 'n uiteensetting van Sy jaarlikse Feeste, wat ons van Hom en Sy reddingsplan leer: Pasga, die Dae van Ongesuurde Brode, die Pinksterdag, die Fees van Trompette, die Versoendag, die Huttefees en die Laaste Groot Dag.

Paulus het die Evangelieboodskap hoofsaaklik na 'n heidense wêreld geneem en die broers en susters met wie hy gewerk het en aan wie hy geskryf het, het uit heidense volke gekom. Baie mense in die Romeinse wêreld van die eerste eeu het die Saturnalia behou en Mithra en ander valse gode aanbid. Hulle moes hierdie praktyke laat vaar om deel te word van die liggaam van Christus, die Kerk van God en Paulus moes hulle aanmoedig om nie terug te val in hulle ou gebruike nie.

Let op wat hy aan die gemeente in Kolosse skryf: "Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge; maar die liggaam behoort aan Christus" (Kolossense 2:16-17). Let op die woord "is" in vers 17. Alhoewel die meeste Engelse vertalings dié woord insluit, kom dit nie in die oorspronklike Grieks voor nie. Vertalers het dit bygevoeg weens hulle leerstellige vooroordele. Wat die vers eintlik sê, is dat die liggaam van Christus – Sy Kerk, nie die wêreld om ons nie – ons vierings behoort te beoordeel. Daardie vierings behoort nie heidense vakansiedae in te sluit nie. (Vir verdere verduideliking, versoek 'n gratis eksemplaar van *Wet of genade: Watter een is dit?* van die streekkantoor naaste aan u, waarvan die lys op bladsy 2 van hierdie tydskrif verskyn of lees dit aanlyn by *wvm.co.za*.

U moenie toelaat dat die wêreld u oordeel omdat u u rug draai op Kersfees nie – omdat u die tradisies van die mens vervang met die weë van God nie. Moenie ontmoedig wees nie. U vriende en familie hou dalk nie daarvan nie, maar God soek diegene wat bereid is om Hom te volg, *maak nie saak wát nie.*

Kersfees lei ons nie na die waarheid nie. In plaas daarvan verdoesel dit die waarheid. Dit is nie genoeg om te weet wat die oorsprong van Kersfees is nie – ons moet *optree* volgens wat ons weet. Dit beteken om die waarheid te volg en dit is wat ons moet doen in verband met Kersfees. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 23 – Vrae en antwoorde*

gepraat het. Net so getuig Stéfanus ook in sy laaste preek, voordat hy gemartel is, dat Jesus die profeet is wat deur Moses genoem word (Handelinge 7).

Die oortuigendste bewys kom van Jesus Self, wat die volgende gesê het:

> "Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal beskuldig nie. Daar is een wat julle beskuldig – Moses op wie julle gehoop het. Maar as julle Moses geglo het, sou julle My glo, want hy het van My geskrywe. En as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo?" (Johannes 5:45-47).

Jesus bevestig reguit dat Moses oor Hom geskryf het, wat verder aandui dat Hy die vervulling is van die profesie van Deuteronómium 18.

Die Skrif toon onomwonde dat Jesus Christus die profeet is waarvan daar in Deuteronómium 18 gepraat word. Nie Mohammed of Joseph Smith – of enige hedendaagse aanspraakmakers – vervul hierdie profesie nie. Net Jesus Christus voldoen aan al die vereistes wat beskryf word en Hy alleen is die profeet soos Moses wat 'n fundamentele openbaring van God tot stand gebring het. WvM

*Vervolg vanaf bladsy 14 – Wat behoort ons te doen met betrekking tot Kersfees?*

dui dat dit *byna niks met Jesus Christus* te doen gehad het *nie* (*"The unexpected origins of popular Christmas traditions," CBSNews.com*, 25 Desember 2018, beklemtoning bygevoeg).

Hierdie is merkwaardige aanhalings, maar weereens verbaas dit u waarskynlik nie, veral indien u 'n gereelde leser van hierdie tydskrif is. Selfs al lees u dit nie gereeld nie, het u waarskynlik reeds elders artikels en video's gesien wat die heidense oorsprong van die Kersfeestradisies verduidelik. Hierdie feite word nie geheim gehou nie.

Die meeste mense is nie verbaas wat betref die oorsprong van Kersfees nie. Vir die meeste van hulle is die groter vraag: *Waarom maak dit saak?* Behoort enigiemand selfs om te gee waar Kersfees-tradisies vandaan kom? Gaan die belangrike kwessie nie daaroor om Christus te eer nie en is die ander besonderhede nie van minder belang nie?

**Maklike rasionaliserings**

Die meeste mense wat die oorsprong van Kersfees ken, rasionaliseer vir hulleself waarom hulle dit steeds behoort te hou. "Wel, dit is nie regtig 'n godsdienstige viering nie", sal u dalk hoor. "Dit is net 'n prettige, ontspanne sosiale geleentheid om saam met vriende en familie te geniet". Dit is wat baie mense glo. In 'n opname van 2017 is bevind dat terwyl 82 persent van die Amerikaners beplan het om op Kersdag saam met familie of vriende bymekaar te kom, slegs 46 persent die dag eerder as 'n godsdienstige vakansiedag in plaas van 'n kulturele viering beskou het (*"Americans Say Religious Aspects of Christmas Are Declining," PewResearch. org*, 12 Desember 2017). Dit was 'n daling van 5 persent van net vier jaar tevore, toe 'n geringe meerderheid gesê het dat hulle Kersfees meer as 'n godsdienstige vakansiedag beskou het. Die neiging is dat meer en meer mense Kersfees as hoofsaaklik – of geheel en al – 'n sosiale en sekulêre viering sien.

Aan die ander kant, is baie van diegene wat godsdienstig is, deeglik bewus daarvan dat die oorsprong van Kersfees heidens is, maar oortuig hulle-.self dat dit nie 'n probleem is nie; met die argument: *Solank ek dit vir Christus doen, is dit reg.*

*Is* dit wérklik belangrik? Maak hierdie redenasie selfs sin? Soos een Britse webwerf ons herinner, "Kersfees maak geen sin nie ... die basiese feite van die jaarlikse ritueel blyk net logika en betekenis teë te gaan. Wat het helder verligte bome en mistel te doen met die geboorte van 'n profeet in Bethlehem, duisende jare gelede? Wat het 'n jolige, deftige man in 'n rooi en wit gewaad met Christenskap te doen? Wat is die betekenis agter die *Yule*-stomp? ... Baie mense het 'n algemene idee oor die manier waarop ou heidense tradisies en vierings van

*Vervolg op bladsy 24*

*Vervolg vanaf bladsy 7 – Glo ons in demokrasie?*

van Babilon het uit die oog verloor hoe afhanklik hy van die God van die hemel was vir sy plek en posisie. Die Ewige het hom toe tydelik die verstand van 'n dier gegee, gestroop van alle rasionaliteit, "dat die lewendes kan erken dat die Allerhoogste mag het oor die koningskap van die mens en dit gee aan wie Hy wil, en die nederige onder die mense daaroor aanstel" (Daniël 4:17).

Hierdie waarheid – dat God vir *Homself* die aanstelling van owerhede en magte voorbehou – word in baie gedeeltes deur die Bybel geopenbaar. God het elders vir Daniël geïnspireer om te sê: "Hy sit konings af en stel konings aan" (Daniël 2:21). In elke vorm van regering wat God skep – met inbegrip van die antieke nasie Israel, die eerste-eeuse Kerk en selfs die gesin self – is daardie regering *altyd van bo af* ondertoe gestruktureer, met posisies wat deur middel van *aanstelling* toegeken word, *gebaseer* op grond van waarneembare vrugte (bv. Titus 1:5).

Wanneer u wel Skrifgedeeltes vind waarin die *mense* die vorm van regering bepaal, kan God se goedkeuring nie waargeneem word nie. Weereens, heeltemal die teenoorgestelde – in die geval van die volk se verwerping van Samuel se seuns as regters oor hulle – selfs toe daardie seuns hulle nie goed van hulle taak gekwyt het nie – het die Ewige verklaar dat Hy hierdie verwerping sien as 'n weiering van Sy *eie* heerskappy oor die volk (1 Samuel 8:7). Die enigste duidelike melding van 'n stemmery in die bladsye van die Bybel is dié van Paulus in die dae voor sy bekering toe hy gestem het om Christene dood te maak (Handelinge 26:10). Hoofsaaklik, is al die wêreldse wysheid van demokratiese regering en die plasing van soewereiniteit in die hande van die mense waaroor regeer word, in plaas van die heersers, weerspieël dit nié die wysheid van God nie.

Dit weerspieël egter die gees en aard van Satan die duiwel, die eerste wese, wat wou uitstyg bo die Een wat oor hom geheers het en vir homself gesag toegeëien het (Jesaja 14:12-14). Dit is *sy* gees wat nou in hierdie wêreld werksaam is (Efésiërs 2:2). Behoort ons dan verbaas te wees dat die gees deur wié ons politiek oorheers word ook die een is om beheer vir onsséIf toe te eien en mag op te eis asof die wysste en veiligste plek daarvoor in ons eie hande is?

**'n Glorieryke belofte**

Deel van die droom wat steeds die demokrasieë van die wêreld voortdryf – selfs al veroorsaak hulle die toenemende chaos wat inherent aan hulle is – is dat lewe vry van brutale tirannie, vry van onderdrukking en vry van korrupsie bereik kan word slégs deur menslike pogings. Elke poging van die mensdom is tog van die begin af tot mislukking gedoem as gevolg van een basiese bestanddeel: onsséIf. Ons kan eenvoudig nie vertrou word wanneer die regering in ons hande is nie.

Ons ken nie die weg na die vreedsame lewens waarna ons smag nie (Jeremia 10:23; Jesaja 59:8). Al struikel ons letterlik daaroor, vind ons dit is 'n smal pad en 'n moeilike pad (Matthéüs 7:13-14). Dit behels nie die skep van stelsels wat ons in staat stel om te vermy om die goeie te kies nie, maar vereis eerder dat ons onsself as individue en as 'n beskawing aan die Wette van God onderwerp – iets wat heeltemal teenstrydig is met ons natuur (Romeine 8:7).

Die Skepper van die mensdom het ons egter nie sonder 'n oplossing gelaat nie. Die Bybel openbaar dat God Sy Seun, Jesus Christus, sál terugstuur na hierdie aarde om hierdie samelewing te regeer en in die Koninkryk van God te heers. Daardie Regering sal nie deur mededingende skares of teenstrydige partye regeer word nie. Dit sal deur Christus SéIf regeer word, "wat op sy eie tyd vertoon sal word deur die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here" (1 Timótheüs 6:15).

Met die verloop van 'n duisend jaar sal daardie Koninkryk uiteindelik bereik wat geen menslike regering nog óóit kon doen nie. Dit sal die gebrekkige menslike natuur verander totdat dit ooreenstem met God se eie natuur, "Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel,

*Vervolg op bladsy 13*

# Vrae & Antwoorde

## Wie is die profeet van Deuteronómium 18?

**Vraag:** Deuteronómium 18:18 maak melding van 'n naamlose profeet wat deur God gebruik sou word om Sy boodskap te verkondig. Sommige Moslems beweer dat dit na Mohammed verwys terwyl ander mense beweer dat dit op Joseph Smith of selfs verskeie hedendaagse Christelike leiers dui. Baie Jode glo dit is 'n verwysing na Elía of Jeremia. Hoe moet ons hierdie vers verstaan?

**Antwoord:** Dit is nie net bloot 'n profesie van Jesus Christus nie – dit is ook 'n waarskuwing teen predikers wat valslik beweer dat húlle profete is:

> “'n Profeet sal Ek vir hulle verwek uit die midde van hulle broers, soos jy is, en Ek sal my woorde in sy mond lê, en Hy sal aan hulle sê alles wat Ek Hom beveel. En die man wat nie luister na my woorde wat Hy in my Naam spreek nie, van hom sal Ek self rekenskap afeis. Maar die profeet wat so vermetel is om 'n woord in my Naam te spreek wat Ek hom nie beveel het om te spreek nie, of wat in die naam van ander gode spreek, dié profeet moet sterwe. En as jy in jou hart sê: Hoe sal ons die woord weet wat die HERE nie gespreek het nie? – as die profeet in die Naam van die HERE spreek, en wat hy gesê het, nie gebeur nie en kom nie uit nie, dan is dit die woord wat die HERE nie gespreek het nie; deur vermetelheid het die profeet dit gespreek; jy mag vir hom nie bang wees nie” (Deuteronómium 18:18-22).

Hierdie gedeelte beskryf 'n profeet wat net soos Moses sou wees, wat soortgelyke eienskappe en 'n Goddelike sending deel. Die Nuwe Testament demonstreer duidelik dat Jesus Christus die profeet is na wie daar in Deuteronómium 18 verwys word; niemand anders kan aan die vereistes vir die vervulling van hierdie profesie voldoen nie.

Moses en Jesus is gebore tydens tye van onderdrukking. Moses is gebore tydens die Israeliete se slawerny in Egipte en Jesus, tydens die Romeinse besetting van Israel. Farao het beveel dat Hebreeuse babas tydens hulle kleuterdae vermoor word, terwyl koning Herodes bevel gegee het dat die babas in Betlehem kort na Jesus se geboorte vermoor word. Moses het die Israeliete uit fisiese slawerny uit Egipte gelei, terwyl Jesus Sy ware dissipels uit die geestelike gevangenskap van sonde lei. Groot getalle mense is gevoed tydens die bedienings van beide Moses en Jesus.

Moses sowel as Jesus het fundamentele openbarings onder Goddelike gesag ontvang en ook gelewer; Moses het die Wet van God ontvang wat die grondslag vir die Ou Testament gelê het, terwyl Jesus die leerstellings tot stand gebring het wat die grondslag van die Nuwe Testament vorm. Jesus het gesê: “Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek. En Ek weet dat sy gebod die ewige lewe is. Wat Ek dan spreek – net soos die Vader vir My gesê het, so spreek Ek” (Johannes 12:49-50). Dit bevestig dat Jesus die woorde gespreek het wat deur God aan Hom gegee is en in die profesie van Deuteronómium 18 vervul is.

### Nuwe Testamentiese getuienisse

Die Nuwe Testament verskaf verdere bewyse dat Jesus die vervulling van hierdie profesie is. In Handelinge 3:20-23 praat die apostel Petrus met die skare nadat hy 'n kreupel man genees het en haal Moses se profesie aan, wat Jesus duidelik identifiseer as die profeet waarvan Moses

*Vervolg op bladsy 21*

*Vervolg vanaf bladsy 21 – Wat behoort ons te doen met betrekking tot Kersfees?*

Kersfees ingeweef is soos ons dit vandag ken" ("*The Pagan Roots of Christmas*," *History.co.uk*).

Inderdaad, báie mense weet *regtig* dat die oorsprong van Kersfees heidens is – maar hulle vier dit in elk geval. Wat van u? Wat staan u te doen in verband met Kersfees?

Kom ons deel daardie vraag in twee ander fundamentele vrae op om dit makliker te beantwoord – die eerste is*: Keur God dit goed om leuens aan kinders te vertel?*

**Die leuens in verband met Kersfees**

Almal weet dat Kersvader nie régtig op Oukersaand deur skoorstene afklim nie – almal, dit wil sê, behalwe miljoene kinders. Thalia Goldstein, mede-professor in toegepaste ontwikkeling-sielkunde aan die George Mason Universiteit, in Fairfax, Virginia, merk op dat ongeveer 85 persent van Amerikaanse 5-jariges glo dat Kersvader werklik bestaan. Sy skryf: "Kinders begin in Kersvader glo wanneer hulle tussen 3 en 4 jaar oud is". "Hulle is absoluut oortuig daarvan wanneer hulle tussen ongeveer 4 en 8 jaar oud is. Op 8-jarige ouderdom begin ons om die afname in geloof te sien, wanneer kinders die realiteit van Kersvader begin verstaan" *("How many kids still believe in Santa?," CNN.com*, 19 Desember 2017).

Wat is die situasie wat betref kinders buite die Verenigde State? Volgens 'n internasionale opname, onder leiding van professor Chris Boyle aan die Universiteit van Exeter in die VK, "was die gemiddelde ouderdom wanneer kinders opgehou het om in Vader Kersfees te glo, agt jaar. 'n Derde van diegene wat ondervra is, het ook gemeld dat hulle ontsteld was toe hulle ontdek het dat Kersvader nie werklik bestaan nie, terwyl 15% van hierdie kinders gevoel het dat hulle deur hulle ouers om die bos gelei is en 10% van hulle was kwaad. Ongeveer 'n derde (30%) het ook gesê dat hulle vertroue in volwassenes negatief beïnvloed was deur hulle geloof in Kersvader" *("Here's what age most kids stop believing in Santa," The Sunday Times*, 6 Desember 2020).

Kersvader is egter nie die enigste mite nie. Daar is geen werklike bewyse dat Christus op 25 Desember gebore is nie. Trouens, in Lukas 2:8 is dit aangeteken dat die herders in die veld was ten tye van Sy geboorte – wat nooit in die reënerige en koue wintermaande kon gewees het nie.

Wat van die Kersverhaal van die drie konings uit die ooste wat die baba Jesus wat in die krip lê, besoek? Dit word nêrens in die Bybel beskryf nie – ten minste nié volgens die manier waarop die gewilde storie vertel word nie. Die Skrif noem hulle wyse manne, nié konings nie en openbaar nie hoeveel van hulle daar was nie. Daar word selfs genoem: "En hulle het in die huis gegaan en die Kindjie by Maria, sy moeder, gevind" (Matthéüs 2:11). In dié konteks sien ons dat Jesus ten minste 'n jaar oud was toe die wyse manne Hom ontmoet het – Hy was beslis nié op daardie stadium in 'n krip nie.

Die baie Kersfees-tradisies is deurspek met foute en blatante leuens. Die Skrif sê vir ons dat God nie leuens kan vertel nie (Titus 1:2). Indien u oop is vir oortuiging, vra uself af: *Sou God werklik so 'n fiktiewe tradisie goedkeur? Sou Hy toelaat dat miljoene ouers aan hulle kinders blatante leuens en verdraaide mites oor Sy Seun vertel?*

Hou in gedagte dat die apostel Johannes vir ons sê: "Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en die gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars – hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood" (Openbaring 21:7-8).

Wie staan dus op vir die waarheid en waarsku ouers om die leuens van Kersfees te beëindig? Byna niemand nie. In plaas daarvan het ons "kundiges" soos die sielkunde-professor Candice Mills, wat dit so verduidelik: "Ouers behoort in gedagte te hou dat die meeste mense, wanneer hulle oor hulle kinderjare nadink, besluit dat hulle Kersvader saam met hulle eie kinders wil vier – trouens ongeveer 87 persent tot 95 persent. Hulle het iets van waarde met betrekking tot die ervaring gevind en wil dit oordra". Mills glo dat kinders daarby baat vind om sélf die waarheid te ontdek dat Kersvader fiktief is (Universiteit van Texas by *Dallas News Center*, 6 Desember 2023).

Mills is een van baie

geleerdes wat glo dat wanneer kinders uitvind dat die mense rondom hulle oor Kersvader leuens verkondig het, "hulle reaksies oor die algemeen redelik positief is" en dat "hulle verstaan dat selfs ouers vreugde uit die Kersvadermite kry". Vanuit hierdie perspektief is die Kersvadermite net een van vele, aangesien geloof in verskeie ander mites en valshede "nie noodwendig verdwyn wanneer ons grootword nie" ("Don't Stop Believing," *Psychology Today*, 6 Desember 2021).

Wag en dink vir 'n oomblik. Het iemand al ooit vir u leuens vertel? Hoe het u gevoel? Het dit u vermoë om te vertrou beïnvloed toe u uitvind? Al was dit vir 'n sogenaamde "goeie rede", het dit u versigtig gemaak toe die leuenaar die volgende keer iets aan u vertel? Indien leuens vir ons as volwassenes op so 'n wyse beïnvloed, dink ons régtig dat dit nie ons kinders raak nie?

Ek hoop u kan insien dat dit goed is om vir u kinders die *waarheid* te leer en om *opreg* te wees. Wat is die basis van waarheid? *God se Woord* is die waarheid (Johannes 17:17) In teenstelling hiermee het Jesus 'n kragtige gees van leuens by die Fariseërs oopgevlek: "Julle het die duiwel as vader," het Hy gesê, "en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan" (Johannes 8:44).

Satan die duiwel is die vader van leuens en ons behoort niks met hom te doen te hê nie. Dit beteken om nie deel te neem aan énige tradisies wat op leuens gebaseer is nie – dit maak nie saak hoe edel ons dit laat lyk nie. Die apostel Paulus het 'n skerp teenstelling getref tussen diegene wat die waarheid volg en die wat dit nie doen nie en gesê dat "die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk, ... wat die waarheid van God verruil het vir die leuen" (Romeine 1:18, 25).

Ons kan ten gunste van die waarheid óf ten gunste van die leuen wees. Ons streef daarna om volgens God se weg van waarheid te leef deur Sy Gees te volg en gelykvormig te word aan Sy geregtigheid óf ons kan die weg van die leuen leef deur dwalings en valshede te volg wat dikwels voorgedoen word as vreugdevolle tradisies en vakansiedae. Ons moet besluit of ons waarheid of dwaling aan ons kinders wil oordra.

Laat die Skrif vir homself praat – nêrens in die Bybel sal u vind dat God vir u sê om iets bedriegliks, oneerlik te doen of om dwaling te ondersteun nie. Dit behoort aan ons te verduidelik wat ons te doen staan in verband met Kersfees.

## God besluit hoe ons Hom aanbid

Laat ons nou oorgaan na ons tweede fundamentele vraag: *Sê God ooit dat ons 'n heidense vakansiedag kan hou indien ons dit tot eer van Christus onderhou?* Sommige mense maak die bewering dat hulle steeds Kersfees vier ondanks die ooglopende heidense dwaling. Is hulle korrek? Is Kersfees aanvaarbaar solank ons dit gebruik "om Christus te eer"?

Ons vind 'n paar kragtige beginsels in die Bybel wat aan ons die leiding gee wat ons nodig het. Een daarvan vind ons in die geskiedenis van antieke Israel, wat duisende jare gelede deur God uit Egiptiese slawerny gelei is. Voordat die Israeliete in die Beloofde Land ingegaan het, het God hulle ernstig gewaarsku en gesê om nie Sy aanbidding te besoedel met die aanbiddingspraktyke van die nasies rondom hulle nie. God het gesê: "... neem jou dan in ag dat jy nie, agter hulle aan, verstrik word nadat hulle voor jou uit verdelg is nie, en dat jy nie na hulle gode vra en sê nie: Hoe het hierdie nasies hulle gode gedien? – dat ek ook so kan doen. So mag jy nie handel met die HERE jou God nie" (Deuteronómium 12:30-31).

Let op dat die beginsel nie net is: *Moenie afgode aanbid nie* – dit is, *moenie die ware God aanbid met valse praktyke nie*. Dit is 'n belangrike punt! Ongelukkig is dit presiés wat in die geskiedenis van die hoofstroom "Christelikheid" gebeur het: Aanbidding van Christus was vermeng met heidense tradisies. Die skrywer Stephen Nissenbaum merk op: "Dit was eers in die vierde eeu dat die kerk amptelik besluit het om Kersfees op 25 Desember te vier. Hierdie datum was nie om godsdienstige redes gekies nie, maar bloot omdat dit toevallig die begin van die wintersonstilstand was, 'n gebeurtenis wat lank voor die koms van die Christendom gevier

was" (*The Battle for Christmas*, 1996, bl.4). Die vroeë Christene het tussen mense gewoon wat dae soos die wintersonstilstand gevier het. Met verloop van tyd was daar geweldige groepsdruk vir Christene om by die heidene aan te pas – wat die meeste mense gedoen het, in plaas daarvan om van heidene te verwag om aan die standaard van die Bybel te voldoen.

Nissenbaum gaan voort: "Die Puriteine was korrek toe hulle daarop gewys het – hulle het dit dikwels gedoen – dat Kersfees niks anders was as 'n heidense fees wat met 'n Christelike lagie vernis bedek is nie". Hy verwys dan na die Puriteinse prediker Increase Mather, wat in die vroeë dae van koloniale Amerika geleef het en "in 1687 akkuraat opgemerk het dat die vroeë Christene wat die geboorte van Christus op 25 Desember vir die eerste keer gevier het, dit nie gedoen het omdat hulle gedink het dat Christus in daardie maand gebore was nie, maar omdat die heidense Saturnalia op daardie tydstip in Rome gehou was en hulle bereid was om daardie heidense feesdae te verander na Christelike feesdae" (bladsy 4).

Nee, Kersfees was nie op 25 Desember vasgestel om die geboorte van Christus te herdenk nie. Daar is eerder op hierdie datum besluit om onderhouers van Saturnalia te akkommodeer en hulle makliker in die kerk in te bring – presies die teenoorgestelde van God se eie instruksies in Deuteronómium. Die groeiende hoofstroom kerk moes 'n manier vind om die tradisies van die heidene rondom hulle te hanteer en het gekies om dit te akkommodeer. Inderdaad, "die meeste van die Christelike sendelinge wat na Sentraal- en Wes-Europa getrek het toe die Romeinse Ryk verbrokkel het, het die raad van [pous] Gregorius die Grote gevolg. Hy het in 597 geskryf dat hulle nie moet probeer om heidense gebruike 'te vinnig' uit te skakel nie, maar hulle aan te pas 'tot lof van God'" (*The Pageantry of Christmas*, 1963, bl. 10).

Dit is die rede waarom ons vandag die vreemde mengsel van heidense rituele en lippediens aan Christus gedurende Kersfees sien. Is dit wat God wou hê? Let op Sy duidelike opdrag:

> "HOOR die woord wat die HERE oor julle gespreek het, o huis van Israel! So sê die HERE: Maak julle nie gewend aan die weg van die heidene nie, en skrik nie vir die tekens van die hemel, omdat die heidene daarvoor skrik nie. Want die insettinge van die volke is nietigheid; want 'n boom uit die bos kap hulle om, die handewerk van 'n ambagsman met die byl. Hulle versier dit met silwer en goud, hulle maak dit vas met spykers en hamers, dat dit nie waggel nie. Soos 'n voëlverskrikker in 'n komkommertuin is hulle: hulle kan nie praat nie; ja, hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Wees nie bevrees vir hulle nie, want hulle kan geen kwaad doen nie, maar daar is ook geen goeddoen by hulle nie" (Jeremia 10:1-5).

Hierdie merkwaardige ooreenkomste met Kersfeesgebruike is baie duidelik. Deur Jeremia het God spesifiek vir antieke Israel gesê om *nie* te leer hoe om Hom te aanbid deur te kyk hoe die nasies rondom hulle aanbid nie. In die "Christelike era" is dit egter presies wat so baie mense gedoen het – hulle het die aanbidding van Christus getransformeer deur dit te laat saamsmelt met die aanbidding van Saturnus, Mithra en ander.

Sommige mense sal die Skrif aanhaal om te beweer dat dit aanvaarbaar is om enige dag te hou, wat 'n mens wil, met inbegrip van Kersfees solank dit tot eer van Christus is: "Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk. Laat elkeen in sy eie gemoed ten volle oortuig wees. Hy wie die dag waarneem, neem dit waar tot eer van die Here; en hy wat die dag nie waarneem nie, neem dit nie waar nie tot eer van die Here" (Romeine 14:5-6).

Beteken dit regtig dat ons enige dag kan hou indien ons dit in Christus se naam noem? Ons het sopas gelees wat God dink oor die vermenging van heidense gebruike met Sy leringe en Hy hou *nie* daarvan nie. Maak dit dan sin dat ons uit hierdie een Skrifgedeelte in Romeine kan aflei dat ons net enige dag wat ons wil kan neem en dit heilige tyd kan maak om God te eer?

Glad nie. Wat Paulus in

*Vervolg op bladsy 20*

*Vervolg vanaf bladsy 2 – Persoonlik*

noordelike Kanadese dorpies versprei is en dit sluit – gemeenskappe waarvan u waarskynlik nog nooit gehoor het nie – die gebied van Nunavut in: Pangnirtung, Gjoa Haven, Pond Inlet, Cambridge Bay, Baker Lake, Sanikiluaq, Arviat en Whale Cove.

'n Paar jaar gelede het een van my kollegas 'n man besoek wat in Kugluktuk, bokant die Arktiese sirkel, woon. Hierdie toegewyde man het versoek om gedoop te word. Ons leraar kon aan sy versoek voldoen. Ja, ons is 'n klein kuddetjie, maar ons bereik baie mense. Die *Tomorrow's World*-tydskrif bereik 176 lande en ons het aktiewe *Living Church of God* gemeentes in 67 lande. Ons het gedoopte lidmate in 'n bykomende 31 lande – waar ons hoop om in die nabye toekoms gemeentes te kan vorm. Ons het intekenare in Rusland, China en die Midde-Ooste, Skandinawië en Suid-Afrika asook in lande tussenin. Ons het gemeentes in Vanuatu en het onlangs 'n gemeente van ongeveer 35 mense in Fidji begin. Ons lede in Mianmar moes weens die burgeroorlog daar uit hulle huise en besighede vlug.

Jesus het die Apostels 'n opdrag gegee om Sy ware Evangelie na die wêreld te neem, om dissipels van alle volke te maak en hulle te doop. Die doop simboliseer ons aanvaarding van Jesus Christus as ons Verlosser wat gesterf het, begrawe is en drie dae en drie nagte later uit die dood opgewek is. Deur die doop te ondergaan, toon ons ons aanvaarding van Sy offer namens ons en demonstreer ons ons volle voorneme om af te sien van ons vorige lewe en op te staan tot 'n nuwe manier van lewe (Romeine 6:1-7).

**Verkondig geregtigheid**

Natuurlik besef ons dat ons nie die hele wêreld op hierdie tydstip sal bekeer nie. Ons leef vandag in Satan se wêreld, soos Jesus dit duidelik gemaak het (Johannes 12:31; 14:30; 16:11). Die apostel Paulus praat ook reguit hieroor. "Maar as ons evangelie dan nog bedek is, is dit bedek in die wat verlore gaan, *naamlik* die ongelowiges in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Christus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie" (2 Korinthiërs 4:3-4). "EN julle *het Hy lewend gemaak*, wat dood was deur die misdade en die sondes waarin julle tevore gewandel het volgens die loop van hierdie wêreld, volgens die owerste van die mag van die lug, van die gees wat nou in die kinders van die ongehoorsaamheid werk" (Efésiërs 2:1-2).

Waarom versuim die meeste hoofstroom-kerke om hierdie belangrike waarheid te onderrig? Ons vind die antwoord juis in hierdie gedeeltes: Satan is nou die god van hierdie wêreld en hy het die mensdom mislei (Openbaring 12:9) – dit sluit die oorweldigende meerderheid van diegene in wat hulleself Christene noem. Dit is waarom Jesus ons waarsku teen valse Christenskap (Matthéüs 24:3-5).

Ons verkondig die ware Jesus van die Bybel en die boodskap wat Hy verkondig het terwyl Hy in die vlees was, ons erken egter die tyd waarin ons leef. Net soos wat Noag geregtigheid verkondig het en die wêreld voor die vloed gewaarsku het, is ons verplig om dieselfde te doen terwyl ons die hoogtepunt van Satan se 6,000 jaar van heerskappy oor die mensdom nader (2 Petrus 2:5).

Ons moet ook die huis van Israel erken om daardie boodskap te verkondig. Die Jode is een van die twaalf stamme van Israel, maar hulle is nie al wat van die Israeliete oorbly nie. Dit word duidelik gesien in Eségiël 37:15-28 waar daar geprofeteer word dat die huis van Juda en die huis van Israel (twee nasies wat gedurende die tiende eeu v.C. geskei is) weer bymekaar gebring sal word na Christus se Wederkoms. Indien u nie hierdie wonderlike waarheid verstaan nie, bestel 'n gratis eksemplaar van *Wat lê voor vir Amerika en Brittanje asook Suid-Afrika?* U kan dit ook aanlyn lees by *wvm.co.za*. U kan nie sin maak van gebeure wat nou in ons wêreld plaasvind sonder hierdie kennis nie.

Onthou asseblief om in te skakel op **Tomorrow's World** TV-program op Sondag-oggende op DStv:
e.tv HD (**kanaal 194**) van 06:30 tot 07:00 a.m.
FAITH (**kanaal 341**) van 09:00 tot 09:30 a.m.

---

Aangesien ons weet wie die huis van Israel is, word ons aanspreeklik gehou om sy mense te waarsku (Eségiël 33:1-7). God hou ons egter verantwoordelik om *almal* wat in gevaar verkeer te waarsku: "Red die wat na die dood gesleep word, en die wat na die slagbank wankel, hou *hulle* tog terug! As jy sê: Kyk, ons het dit nie geweet nie! – sal Hy wat die harte toets, dit nie merk nie? En Hy wat let op jou siel, Hy kom dit te wete. En Hy vergeld die mens na sy werk" (Spreuke 24:11-12).

God het sy dienaars die verantwoordelikheid gegee om die ware Evangelie te verkondig, die wêreld te waarsku oor wat kom, om dissipels van alle nasies te maak en om diegene wat Hy roep, geestelik te voed. Ja, ons is 'n klein kuddetjie, maar ons gaan voort om hierdie opdragte ernstig op te neem – al die pad "tot aan die einde van die aarde."



# Wêreld van Môre

# Bybelstudiekursus

**Skryf gerus vandag reeds in om hierdie insiggewende Bybelstudiehulpmiddel te ontvang! Dit sal u Bybelkennis grootliks verryk en u met nuwe oë na die lewe laat kyk.**

**Skryf aan: Lewende Kerk van God**
**Privaatsak X 30**
**Menlo Park, GP**
**0102**

**of skakel : 012 331 0058**
**en meld dat u navraag doen**
**oor die "Wêreld van Môre" Bybelstudiekursus**